

25 JUL 1973
Suid-Afrikaanse Republiek



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Prys 20c Price
Oorsee 30c Overseas
POSVRY—POST FREE

ISBN 0 621 01005 7

Vol. 97.]

KAAPSTAD, 6 JULIE 1973.
CAPE TOWN, 6TH JULY, 1973.

[No. 3970.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1170.

6 Julie 1973.

No. 1170.

6th July, 1973.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 78 van 1973: Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973.

No. 78 of 1973: Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

ACT

To consolidate and amend the law relating to the payment of compensation in respect of certain diseases contracted by persons employed in mines and works and matters incidental thereto.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 19th June, 1973.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates—
 - (i) “adopted child” does not include a child who has not been adopted in accordance with the laws relating to the adoption of children, but includes a child, whether or not adopted in accordance with the said laws, to or in respect of whom a pension or other benefit was awarded under the previous Act, and for the purposes of this definition any child maintained by any person for any period immediately prior to the date on which he actually adopted that child, shall be deemed to have been the adopted child of that person during the said period; (i)
 - (ii) “advisory committee” means the advisory committee established under section 59; (ii)
 - (iii) “Bantu affairs authority” means the Secretary for Bantu Administration and Development or any other officer in the Department of Bantu Administration and Development to whom the said Secretary has assigned the functions of the Bantu affairs authority; (vi)
 - (iv) “Bantu person” means any person belonging to one or other of the following groups, namely—
 - (a) aboriginal tribes or races of Africa, including Bushmen, Hottentots, Korannas and Natives; and
 - (b) persons upon whom is levied general or local tax in terms of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), or any tax substituted for any such tax,
 but does not include American Negroes, Eurafriicans, Eurasians or persons commonly known as Cape Malays, Griquas, Mauritians or St. Helenians, and “Bantu female” and “Bantu male” have corresponding meanings; (v)
 - (v) “benefit” means money which has been awarded or which is required to be awarded or money which has been paid or which is required to be paid or the payment of money or a claim for the payment of money, as the context may require, to or in respect of a person or to or in respect of the dependants of a person, on the ground that such person was under the previous Act found to be suffering from pneumoconiosis or

WET

Tot samevatting en wysiging van die wetsbepalings met betrekking tot die betaling van vergoeding ten opsigte van sekere siektes opgedoen deur persone wat by myne en bedrywe in diens is en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)

(Goedgekeur op 19 Junie 1973.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. (1) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie **Woordomskriving.**
Wet—

- (i) „aangenome kind” nie ook ’n kind wat nie ooreenkomstig die wetsbepalings op die aanneem van kinders aangeneem is nie, maar wel ’n kind, hetsy ooreenkomstig bedoelde bepalings aangeneem al dan nie, aan of ten opsigte van wie ’n pensioen of ander voordeel ingevolge die vorige Wet toegeken is, en by die toepassing van hierdie omskrywing word ’n kind wat deur iemand onderhou is vir ’n tydperk onmiddellik voor die datum waarop hy daardie kind werklik aangeneem het, geag gedurende daardie tydperk die aangenome kind van so iemand te gewees het; (i)
- (ii) „advieskomitee” die advieskomitee ingevolge artikel 59 ingestel; (ii)
- (iii) „afhanklike”—
 - (a) met betrekking tot ’n Bantoe persoon, enigiemand vir wie se onderhoud die betrokke persoon volgens die oordeel van die Bantoesake-owerheid in geheel of ten dele aanspreeklik is, of, met betrekking tot ’n oorlede Bantoe persoon, enigiemand vir wie se onderhoud die oorledene in geheel of ten dele aanspreeklik sou gewees het indien hy nie gesterf het nie;
 - (b) met betrekking tot ’n oorlede Blankeman of oorlede Kleurlingman—
 - (i) sy weduwee; en
 - (ii) sy afhanklike kind; en
 - (c) met betrekking tot ’n oorlede Bantoe vrou of oorlede Kleurlingvrou, haar afhanklike kind; (xviii)
- (iv) „afhanklike kind”—
 - (a) met betrekking tot ’n Blankeman of ’n Kleurlingman, ’n wettige kind, ’n aangenome kind of ’n stiefkind, maar nie ook ’n stiefkind nie vir wie se onderhoud iemand anders, volgens die kommissaris se oordeel, aanspreeklik is of vir wie se onderhoud daar, volgens die kommissaris se oordeel, op ’n ander wyse voorsiening gemaak kan word of wat oor voldoende middele vir sy eie onderhoud beskik;
 - (b) met betrekking tot ’n oorlede Blankeman of oorlede Kleurlingman, sy wettige of aangenome kind of wettige postume kind of stiefkind vir wie

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

- tuberculosis, or has under this Act been found to be suffering from a compensatable disease, but does not include money awarded under the previous Act or this Act to a person in the form of a special grant or in the form of assistance in connection with the training of any person; (xxxix)
- (vi) "bureau" means the Medical Bureau for Occupational Diseases established under section 2; (xii)
- (vii) "cardio-respiratory organs" means all or any one of the following organs, namely larynx, trachea, bronchial tree, lung parenchyma, pleurae, lymphatic system of the lungs, vascular system of the lungs, nerve supply of the lungs, diaphragm and nerve supply to diaphragm, heart, pericardium and large intrathoracic bloodvessels; (xx)
- (viii) "certificate of fitness" means a certificate of fitness issued to a person under this Act pursuant to a medical examination of such person; (xxxv)
- (ix) "certification committee" means the Medical Certification Committee for Occupational Diseases established under section 39; (xxxvi)
- (x) "child" means a person under the age of eighteen years; (xxi)
- (xi) "Coloured person" means any person who is not a White person or a Bantu person, and "Coloured male" has a corresponding meaning; (xxii)
- (xii) "Coloured female" means a female Coloured person who lawfully performs or has lawfully performed risk work at a mine or a works; (xxiii)
- (xiii) "commissioner" means the Compensation Commissioner for Occupational Diseases appointed under section 54 (a); (xxiv)
- (xiv) "compensatable disease" means—
- (a) pneumoconiosis;
 - (b) the joint condition of pneumoconiosis and tuberculosis;
 - (c) tuberculosis which, in the opinion of the certification committee, was contracted while the person concerned was performing risk work, or with which the person concerned was in the opinion of the certification committee already affected at any time within the twelve months immediately following the date on which that person performed such work for the last time;
 - (d) permanent obstruction of the airways which, in the opinion of the certification committee, is attributable to the inhalation of dust in the course of the performance of risk work;
 - (e) any other permanent disease of the cardio-respiratory organs which in the opinion of the certification committee is attributable to the performance of risk work; or
 - (f) any other disease which in the opinion of the certification committee is attributable to the performance of risk work at a mine or works and which the Minister has, subject to the provisions of subsection (2), by notice in the *Gazette* declared to be a compensatable disease; (xxxviii)
- (xv) "contractor" means a person who employs persons in connection with the performance of risk work at a controlled mine or a controlled works, which he has undertaken to perform on behalf of the owner of that mine or works; (xxv)

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

- se onderhoud die oorledene voor sy dood in geheel of gedeeltelik aanspreeklik was; en
- (c) met betrekking tot 'n oorlede Bantoevrou of oorlede Kleurlingvrou, haar wettige of aangenome kind of stiefkind vir wie se onderhoud die oorledene voor haar dood in geheel of gedeeltelik aanspreeklik was; (xix)
- (v) „Bantoe persoon” iemand wat tot die een of die ander van die volgende groepe behoort, te wete—
- (a) inboorlingstamme of -rasse van Afrika, met inbegrip van Boesmans, Hottentotte, Korannas en Naturelle; en
- (b) persone op wie 'n algemene of plaaslike belasting ooreenkomstig die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), of 'n belasting wat daardie belasting vervang, gehef word,
- maar nie ook Amerikaanse Negers, Eurafrikane, Eurasië of persone algemeen as Kaapse Maleiers, Griekwas, Mauritianse of St. Helenas bekend nie, en het „Bantoe man” en „Bantoe vrou” ooreenstemmende betekenis; (iv)
- (vi) „Bantoesake-owerheid” die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of 'n ander beamppte in die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aan wie genoemde Sekretaris die werksaamhede van die Bantoesake-owerheid toegewys het; (iii)
- (vii) „bedryf” 'n bedryf soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet No. 27 van 1956), of in artikel 1 van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968 (Ordonnansie No. 20 van 1968), van die gebied Suidwes-Afrika, na gelang die bedryf in die Republiek of dié gebied geleë is; (xli)
- (viii) „beheerde bedryf” 'n bedryf wat ingevolge artikel 9 'n beheerde bedryf is of wat kragtens artikel 10 tot 'n beheerde bedryf verklaar is; (xvii)
- (ix) „beheerde myn” 'n myn wat ingevolge artikel 9 'n beheerde myn is of wat kragtens artikel 10 tot 'n beheerde myn verklaar is; (xvi)
- (x) „Blanke persoon” iemand wat ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), as 'n Blanke geklassifiseer is, en ook iemand wat gewoonlik vir 'n Blanke persoon deurgaan, en het „Blankeman” 'n ooreenstemmende betekenis; (xi)
- (xi) „boekjaar” die tydperk van 1 April in enige jaar tot 31 Maart in die eersvolgende jaar; (xxi)
- (xii) „buro” die Mediese Buro vir Bedryfsiektes ingevolge artikel 2 ingestel; (vi)
- (xiii) „direkteur” die Direkteur van die Mediese Buro vir Bedryfsiektes kragtens artikel 3 (1) (a) aangestel; (xx)
- (xiv) „eienaar”, met betrekking tot 'n myn of 'n bedryf, ook die huurder van die myn of bedryf en iemand wat die reg het, of uit hoofde van 'n wet of 'n ooreenkoms met die eienaar van die myn of bedryf die reg verkry het, om 'n myn vir eie gewin te ontgin of 'n bedryf vir eie gewin te werk; en as die vraag ontstaan of iemand vir die doeleindes van hierdie Wet die eienaar van 'n myn of 'n bedryf is, is die Minister se beslissing oor dié vraag afdoende; (xxvii)
- (xv) „enkelbedragvoordeel” 'n ander voordeel as 'n pensioen of maandelikse toelae wat aan iemand of ten opsigte van iemand aan iemand anders ingevolge die vorige Wet of hierdie Wet toegeken is, maar nie ook 'n spesiale toekenning of hulp wat ten opsigte van die opleiding van enige persoon aan iemand verleen is nie; (xxvi)
- (xvi) „geneesheer” iemand wat kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), as 'n geneesheer geregistreer is; (xxiii)

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

- (xvi) "controlled mine" means a mine which is a controlled mine in terms of section 9 or which has been declared a controlled mine under section 10; (ix)
- (xvii) "controlled works" means a works which is a controlled works in terms of section 9 or which has been declared a controlled works under section 10; (viii)
- (xviii) "dependant" means—
- (a) in relation to a Bantu person, any person for whose maintenance the person concerned is, in the opinion of the Bantu affairs authority, wholly or partly responsible, or in relation to a deceased Bantu person, any person for whose maintenance the deceased would have been wholly or partly responsible had he not died;
 - (b) in relation to a deceased White male or deceased Coloured male—
 - (i) his widow; and
 - (ii) his dependent child; and
 - (c) in relation to a deceased Bantu female or deceased Coloured female, her dependent child; (iii)
- (xix) "dependent child" means—
- (a) in relation to a White male or a Coloured male, a legitimate child, an adopted child or a step-child, but does not include a step-child for whose maintenance any other person is, in the opinion of the commissioner, responsible or for whose maintenance any other provision can, in the opinion of the commissioner, be made or who has sufficient means for his own maintenance;
 - (b) in relation to a deceased White male or deceased Coloured male, his legitimate or adopted child or legitimate posthumous child or step-child for whose maintenance the deceased was wholly or partly responsible before his death; and
 - (c) in relation to a deceased Bantu female or deceased Coloured female, her legitimate or adopted child or step-child for whose maintenance the deceased was wholly or partly responsible before her death; (iv)
- (xx) "director" means the Director of the Medical Bureau for Occupational Diseases appointed under section 3 (1) (a); (xiii)
- (xxi) "financial year" means the period from 1 April in any year to 31 March in the next ensuing year; (xi)
- (xxii) "medical adviser" means the medical adviser appointed under section 7 (1); (xvii)
- (xxiii) "medical practitioner" means a person who is registered as a medical practitioner under the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928); (xvi)
- (xxiv) "mine" means a mine as defined in section 1 of the Mines and Works Act, 1956 (Act No. 27 of 1956), or in section 1 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance No. 20 of 1968), of the territory of South West Africa, as the case may be, according to whether the mine is situated in the Republic or in the said territory; (xxvii)
- (xxv) "Minister" means the Minister of Mines; (xxvi)
- (xxvi) "one-sum benefit" means a benefit other than a pension or monthly allowance awarded to a person or in respect of a person to any other person under the previous Act or this Act, but does not include a special grant or any assistance to a person in respect of the training of any person; (xv)

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

- (xvii) „geneeskundige adviseur” die geneeskundige adviseur kragtens artikel 7 (1) aangestel; (xxii)
- (xviii) „hersieningsowerheid” die Mediese Hersieningsowerheid vir Bedryfsiektes ingevolge artikel 40 ingestel; (xxxiii)
- (xix) „hierdie Wet” ook ’n regulasie; (xxxviii)
- (xx) „kardiorespiratoriese organe” enige van of al die volgende organe, te wete strottehoof, gorrelpyp, lugpypvertakking, longparencheem, longvlies, longlimfstelsel, vaatstelsel van die longe, senu-toevoer van die longe, mantelvlies en senu-toevoer van mantelvlies, hart, hartsak en groot binnetorakale bloedvate; (vii)
- (xxi) „kind” iemand onder die ouderdom van agtien jaar; (x)
- (xxii) „Kleurlingpersoon” ’n persoon wat nie ’n Blankepersoon of ’n Bantoe persoon is nie, en het „Kleurlingman” ’n ooreenstemmende betekenis; (xi)
- (xxiii) „Kleurlingvrou” ’n vroulike Kleurlingpersoon wat wettiglik risikowerk by ’n myn of ’n bedryf verrig of verrig het; (xii)
- (xxiv) „kommissaris” die Vergoedingskommissaris vir Bedryfsiektes kragtens artikel 54 (a) aangestel; (xiii)
- (xxv) „kontraakteur” iemand wat persone in diens het in verband met risikowerk by ’n beheerde myn of ’n beheerde bedryf, wat hy onderneem het om ten behoeve van die eienaar van daardie myn of bedryf te verrig; (xv)
- (xxvi) „Minister” die Minister van Mynwese; (xxv)
- (xxvii) „myn” ’n myn soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Myn en Bedrywe, 1956 (Wet No. 27 van 1956), of artikel 1 van die Ordonnansie op Myn, Bedrywe en Minerale, 1968 (Ordonnansie No. 20 van 1968), van die gebied Suidwes-Afrika, na gelang die myn in die Republiek of dié gebied geleë is; (xxiv)
- (xxviii) „pneumokoniose” ’n blywende letsel van die kardiorespiratoriese organe wat veroorsaak is deur die inaseming van stof in die loop van die verrigting van risikowerk; (xxviii)
- (xxix) „regulasie” ’n regulasie wat ingevolge hierdie Wet van krag is; (xxx)
- (xxx) „Republiek” ook die gebied Suidwes-Afrika; (xxxii)
- (xxxi) „risiko”, met betrekking tot ’n myn of bedryf, die risiko om ’n vergoedbare siekte op te doen, waaraan persone blootgestel is wat risikowerk in of by of in verband met daardie myn of bedryf verrig, of die risiko wat die risikokomitee kragtens artikel 20 of 21 ten opsigte van daardie myn of bedryf bepaal het, na gelang die samehang vereis; (xxxiv)
- (xxxii) „risikokomitee” die Risikokomitee vir Myn en Bedrywe ingevolge artikel 18 ingestel; (xxxv)
- (xxxiii) „risikowerk” werk wat ingevolge artikel 13 tot risikowerk verklaar is of geag word aldus verklaar te gewees het; (xxxvi)
- (xxxiv) „sekretaris” die Sekretaris van Mynwese; (xxxvii)
- (xxxv) „sertifikaat van geskiktheid” ’n sertifikaat van geskiktheid wat ingevolge hierdie Wet na aanleiding van ’n geneeskundige ondersoek van iemand aan so iemand uitgereik is; (viii)
- (xxxvi) „sertifiseringskomitee” die Mediese Sertifiseringskomitee vir Bedryfsiektes ingevolge artikel 39 ingestel; (ix)
- (xxxvii) „tuberkulose” tuberkulose van die kardiorespiratoriese organe, of ’n gevolg, komplikasie of mani-

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

- (xxvii) "owner", in relation to a mine or works, includes the lessee of the mine or works and any person who has the right, or has, by virtue of any law or any agreement with the owner of the mine or works, acquired the right, to exploit a mine for his own benefit or to operate a works for his own benefit; and if the question arises whether a person is, for the purposes of this Act, the owner of a mine or a works, the Minister's decision regarding such question shall be final; (xiv)
- (xxviii) "pneumoconiosis" means a permanent lesion of the cardio-respiratory organs caused by the inhalation of dust in the course of the performance of risk work; (xxviii)
- (xxix) "prescribe" or "prescribed" means prescribe or prescribed by regulation; (xl)
- (xxx) "previous Act" means the Pneumoconiosis Compensation Act, 1962 (Act No. 64 of 1962), including the other laws repealed by section 136 and any laws relating to the payment of compensation to or in respect of persons in respect of miner's phthisis or silicosis or pneumoconiosis or tuberculosis contracted in the employment of mines or as a result of employment at mines, which preceded the Pneumoconiosis Compensation Act, 1962; (xli)
- (xxxii) "regulation" means a regulation in force under this Act; (xxix)
- (xxxiii) "Republic" includes the territory of South West Africa; (xxx)
- (xxxiiii) "reviewing authority" means the Medical Reviewing Authority for Occupational Diseases established under section 40; (xviii)
- (xxxv) "risk", in relation to a mine or a works, means the risk of contracting a compensatable disease, to which persons who perform risk work in or at or in connection with that mine or works are exposed, or the risk determined by the risk committee under section 20 or 21 in respect of that mine or works, as the context may require; (xxxi)
- (xxxvi) "risk committee" means the Risk Committee for Mines and Works established under section 18; (xxxii)
- (xxxvii) "risk work" means any work declared or deemed to have been declared risk work under section 13; (xxxiii)
- (xxxviii) "secretary" means the Secretary for Mines; (xxxiv)
- (xxxix) "this Act" includes any regulation; (xix)
- (xl) "tuberculosis" means tuberculosis of the cardio-respiratory organs, or any sequelae, complication or manifestation thereof, but does not include inactive or calcified foci; and a person shall be deemed to be or to have been suffering from tuberculosis if evidence of active tuberculosis has been found in such person; (xxxvii)
- (xli) "White person" means a person classified as a White person under the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), and includes a person generally accepted as a White person, and "White male" has a corresponding meaning; (x)
- (xlii) "works" means a works as defined in section 1 of the Mines and Works Act, 1956 (Act No. 27 of 1956), or in section 1 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance No. 20 of 1968), of the territory of South West Africa, according to whether the works is situated in the Republic or in the said territory. (vii)

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

festasie daarvan, maar nie ook onaktiewe of verkalkte foci nie; en iemand word geag aan tuberkulose te ly of te gely het indien tekens van aktiewe tuberkulose by so iemand gevind is; (xxxix)

(xxxviii) „vergoedbare siekte”—

- (a) pneumokoniose;
- (b) die gesamentlike toestand van pneumokoniose en tuberkulose;
- (c) tuberkulose wat volgens die sertifiseringskomitee se oordeel opgedoen is terwyl die betrokke persoon risikowerk verrig het, of waardeur die betrokke persoon volgens die sertifiseringskomitee se oordeel reeds aangetas was te eniger tyd binne die twaalf maande wat onmiddellik gevolg het op die datum waarop daardie persoon vir die laaste keer sodanige werk verrig het;
- (d) blywende obstruksie van die lugweë wat volgens die sertifiseringskomitee se oordeel te wyte is aan die inaseming van stof in die loop van die verrigting van risikowerk;
- (e) 'n ander blywende siekte van die kardiopulmonêre organe wat volgens die sertifiseringskomitee se oordeel te wyte is aan die verrigting van risikowerk; of
- (f) enige ander siekte wat volgens die sertifiseringskomitee se oordeel te wyte is aan die verrigting van risikowerk by 'n myn of bedryf en wat die Minister, behoudens die bepalings van subartikel (2), by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n vergoedbare siekte verklaar het; (xiv)

(xxxix) „voordeel” geld wat toegeken is of toegeken moet word of geld wat betaal is of betaal moet word of die betaling van geld of 'n vordering vir die betaling van geld, al na gelang die samehang vereis, aan of ten opsigte van iemand of aan of ten opsigte van die afhanklikes van iemand op grond daarvan dat daar ingevolge die vorige Wet bevind is dat bedoelde persoon aan pneumokoniose of tuberkulose ly of ingevolge hierdie Wet bevind is dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly, maar nie ook geld wat ingevolge die vorige Wet of hierdie Wet aan iemand by wyse van 'n spesiale toekenning of by wyse van hulp in verband met die opleiding van 'n persoon toegeken is nie; (v)

(xl) „voorskryf” of „voorgeskryf” by regulasie voorskryf of voorgeskryf; (xxix)

(xli) „vorige Wet” die Pneumokoniosevergoedingswet, 1962 (Wet No. 64 van 1962), met inbegrip van die ander wette by artikel 136 herroep en wette met betrekking tot die betaling van vergoeding aan of ten opsigte van persone ten opsigte van mynstering of silikose of pneumokoniose of tuberkulose opgedoen in diens van myne of as gevolg van diens by myne, wat die Pneumokoniosevergoedingswet, 1962, voorafgegaan het. (xxx)

(2) (a) Die Minister moet, voordat hy ingevolge paragraaf (f) van die omskrywing van „vergoedbare siekte” in subartikel (1) 'n siekte tot 'n vergoedbare siekte verklaar, die verstoë (as daar is) oorweeg wat tot hom gerig is deur eienaars van beheerde myne of beheerde bedrywe of deur 'n organisasie wat ten behoeve van sodanige eienaars of ten behoeve van persone wat risikowerk by sodanige myne of bedrywe verrig, optree.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

- (2) (a) The Minister shall, before declaring a disease to be a compensatable disease in terms of paragraph (f) of the definition of "compensatable disease" in subsection (1), consider such representations (if any) as may have been submitted to him by owners of controlled mines or controlled works or by any organization acting on behalf of such owners or on behalf of persons who perform risk work at such mines or works.
- (b) The Minister shall not declare any disease which is compensatable under the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), to be a compensatable disease as contemplated in the said paragraph (f), except after consultation with the Minister of Labour.

CHAPTER I.

BUREAU, DIRECTOR AND STAFF.

Establishment of bureau.

2. (1) There shall be established a bureau, to be called the Medical Bureau for Occupational Diseases, for the performance under the supervision and control of the director of such functions as may be necessary for the purpose of giving effect to the provisions of this Act and such other functions as may from time to time be assigned to it by the Minister.

(2) The Minister may make such rules as he may consider necessary or desirable for the effective performance of the functions of the bureau.

Appointment of director, medical officers and other staff of bureau.

3. (1) The Minister shall appoint, subject to the laws governing the public service—

- (a) a Director of the Medical Bureau for Occupational Diseases, who shall be a medical practitioner and who shall exercise the powers and perform the functions conferred upon or assigned to him by this Act or by the Minister under this Act;
- (b) as many deputy directors of the bureau as the Minister may consider necessary, of whom at least one shall be a medical practitioner;
- (c) as many other officers, being medical practitioners, as the Minister may consider necessary for the performance of the medical examinations and other functions required to be performed by the bureau under this Act; and
- (d) such other officers and persons as the Minister may consider necessary for the performance of the functions of the bureau.

(2) The Minister may, after consultation with the director and the medical adviser (if any), appoint in part-time service, at such remuneration and on such other conditions of service as the Minister may determine in consultation with the Minister of Finance, any medical practitioner who in the opinion of the Minister is specially qualified to perform any function which a medical officer appointed under subsection (1) (c) may be required to perform.

(3) Whenever there is no director or the director is absent or for any other reason unable to perform his functions, the deputy-director appointed under subsection (1) (b) who is a medical practitioner, or, if there is more than one such deputy-director, such one of them as the Minister shall designate, shall act in the stead of the director.

Functions of director.

4. (1) The director shall be charged with the direction and control of all medical examinations provided for in this Act, and may on such conditions as he may deem fit authorize or

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

- (b) Die Minister verklaar nie 'n siekte wat ingevolge die bepalings van die Ongevalwet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), vergoedbaar is, tot 'n vergoedbare siekte soos in die gemelde paragraaf (f) bedoel nie, behalwe na raadpleging met die Minister van Arbeid.

HOOFSTUK I.

BURO, DIREKTEUR EN PERSONEEL.

2. (1) Daar word 'n buro ingestel, wat die Mediese Buro vir Bedryfsiektes heet, om onder die toesig en beheer van die direkteur die werksaamhede wat nodig is om aan die bepalings van hierdie Wet gevolg te gee en die ander werksaamhede wat die Minister van tyd tot tyd aan die buro opdra, te verrig.

Instelling van buro.

(2) Die Minister kan die reëls neerlê wat hy nodig of wenslik ag vir die doeltreffende verrigting van die buro se werksaamhede.

3. (1) Die Minister stel, met inagneming van die wette op die Staatsdiens—

Aanstelling van direkteur, geneeskundige beamptes en ander personeel van buro.

(a) 'n Direkteur van die Mediese Buro vir Bedryfsiektes aan, wat 'n geneesheer moet wees en wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede verrig wat by hierdie Wet of deur die Minister kragtens hierdie Wet aan hom verleen of opgedra word;

(b) soveel adjunk-direkteure van die buro aan as wat die Minister nodig ag, van wie minstens een 'n geneesheer moet wees;

(c) soveel ander beamptes aan, wat geneeshere is, as wat die Minister nodig ag om die geneeskundige ondersoeke uit te voer en ander werksaamhede te verrig wat ingevolge hierdie Wet deur die buro uitgevoer of verrig moet word; en

(d) die ander beamptes en persone aan wat die Minister nodig ag om die werksaamhede van die buro te verrig.

(2) Die Minister kan, na oorlegpleging met die direkteur en die geneeskundige adviseur (as daar een is), enige geneesheer wat volgens die Minister se oordeel besonder bevoeg is om 'n werksaamheid te verrig wat 'n kragtens subartikel (1) (c) aangestelde geneeskundige beampte aangesê kan word om te verrig, in deelydse diens aanstel teen die besoldiging en op die ander diensvoorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(3) Wanneer daar nie 'n direkteur is nie of die direkteur afwesig is of om 'n ander rede nie in staat is om sy werksaamhede te verrig nie, tree die kragtens subartikel (1) (b) aangestelde adjunk-direkteur wat 'n geneesheer is, of, indien daar meer as een sodanige adjunk-direkteur is, dié een van hulle wat die Minister aanwys, in die plek van die direkteur op.

4. (1) Die direkteur is belas met die bestuur en beheer van alle geneeskundige ondersoeke waarvoor daar in hierdie Wet voorsiening gemaak word, en kan op die voorwaardes wat hy

Werksaamhede van direkteur.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

direct any medical practitioner to perform any such examination.

(2) The director may in writing authorize any person appointed under section 3 (1) (b), (c) or (d) to issue or sign any certificate or other document which in terms of this Act is required to be issued or signed by the director.

Powers of director to enter upon places, perform tests and carry out inspections or investigations.

5. (1) The director or any medical practitioner authorized thereto in writing by him, may—

- (a) enter upon any place where a person who works or has worked or intends to work at a controlled mine or a controlled works is being or is to be medically examined in accordance with any provision of this Act, or where any person who works or has worked at a controlled mine or a controlled works is being nursed or medically treated;
- (b) attend any medical examination of such a person and with his consent examine him medically or cause him to be medically examined by any other medical practitioner; and
- (c) inspect any instrument or appliance which is being or has been used in connection with any medical examination or treatment of such a person and demand for inspection any book or document in which any information relating to any such examination or treatment has been recorded, and make copies of or extracts from it.

(2) The director or any person authorized thereto in writing by him may—

- (a) enter upon any place where persons who work or have worked or intend to work at a mine or works are being or are to be radiologically examined, and at such place carry out such tests, measurements and observations as he may deem desirable;
- (b) inspect, test or view any instrument, appliance or machine used in connection with any such examination; and
- (c) demand for inspection any X-ray photograph taken at such an examination.

(3) If the director has reason to suspect that the owner of a mine or works or any person employed at a mine or works contravenes or fails to comply with any provision of this Act, the director or any person authorized thereto in writing by the director, may conduct such investigation in connection with the matter as he may deem expedient or as the director may require.

(4) At the request of any person affected by the exercise of a power under this section, the director or the medical practitioner authorized under subsection (1) or person authorized under subsection (2) or (3), as the case may be, shall produce a certificate of his appointment as director or, in the case of a medical practitioner or person so authorized, his written authority to the person making the request.

Powers of director to demand information.

6. (1) The director may require any person to submit to him, periodically or otherwise, and at such times as he may direct, any information available to such person which the director considers necessary for the effective performance of his functions, or to submit to him or his nominee any book or document in the possession or under the control of such person which contains or is suspected to contain any such information, and may examine and make copies of or take extracts from any such book or document.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

goedvind 'n geneesheer magtig of gelas om so 'n ondersoek uit te voer.

(2) Die direkteur kan 'n persoon wat kragtens artikel 3 (1) (b), (c) of (d) aangestel is, skriftelik magtig om 'n sertifikaat of ander stuk uit te reik of te onderteken wat ingevolge hierdie Wet deur die direkteur uitgereik of onderteken moet word.

5. (1) Die direkteur of 'n geneesheer wat hy skriftelik daartoe gemagtig het, kan—

Bevoegdhede van direkteur om plekke te betree, toetse te doen en inspeksies of ondersoeke uit te voer.

(a) enige plek betree waar 'n persoon wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf werk of gewerk het of voornemens is om te werk, ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Wet geneeskundig ondersoek word of staan te word, of waar 'n persoon wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf werk of gewerk het, verpleeg of geneeskundig behandel word;

(b) 'n geneeskundige ondersoek van so 'n persoon bywoon en hom met sy toestemming geneeskundig ondersoek of deur 'n ander geneesheer geneeskundig laat ondersoek; en

(c) 'n instrument of toestel wat by 'n geneeskundige ondersoek of behandeling van so 'n persoon gebruik word of gebruik is, inspekteer en 'n boek of stuk waarin inligting met betrekking tot so 'n ondersoek of behandeling aangeteken is, ter insae opeis en afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak.

(2) Die direkteur of 'n persoon wat hy skriftelik daartoe gemagtig het, kan—

(a) 'n plek betree waar persone wat by 'n myn of bedryf werk of gewerk het of voornemens is om te werk, radiologies ondersoek word of staan te word, en by bedoelde plek die toetse, metings en waarnemings doen wat hy wenslik ag;

(b) 'n toestel, instrument of masjien wat in verband met so 'n ondersoek gebruik word, inspekteer, toets of besigtig; en

(c) 'n X-straalfoto wat by so 'n ondersoek geneem is, ter insae opeis.

(3) Indien die direkteur rede het om te vermoed dat die eenaar van 'n myn of bedryf of 'n persoon wat by 'n myn of bedryf werksaam is, 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen, kan die direkteur of 'n persoon wat die direkteur skriftelik daartoe gemagtig het, die ondersoek in verband met die aangeleentheid instel wat hy dienstig ag of wat die direkteur vereis.

(4) Op versoek van iemand wat deur die uitoefening van 'n bevoegdheid kragtens hierdie artikel geraak word, moet die direkteur of die ingevolge subartikel (1) gemagtigde geneesheer of ingevolge subartikel (2) of (3) gemagtigde persoon, na gelang van die geval, 'n sertifikaat van sy aanstelling as direkteur of, in die geval van 'n aldus gemagtigde geneesheer of persoon, sy skriftelike magtiging toon aan die persoon wat die versoek doen.

6. (1) Die direkteur kan enigiemand aansê om periodiek of andersins en op die tye wat hy gelas aan hom inligting te verstrek waarvoor so iemand beskik en wat die direkteur vir die doeltreffende uitvoering van sy werksaamhede nodig ag, of om aan hom of sy genomineerde 'n boek of stuk in die besit of onder die beheer van bedoelde persoon oor te lê wat sodanige inligting bevat of na vermoede bevat, en kan so 'n boek of stuk insien en afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak.

Bevoegdhede van direkteur om inligting te vorder.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

(2) Information called for under subsection (1) may be required to be given in the form of a sworn declaration by the person furnishing such information.

(3) The director may, by notice in writing signed by him, require any person to appear before him at a time and place specified in the notice, to be interrogated or to produce any book or document referred to in subsection (1), and may administer an oath or affirmation to and question any person appearing before him, whether in pursuance of any such notice or otherwise.

(4) Nothing in this section contained shall be construed as empowering the director to require any person to furnish any information or produce any book or document which that person is by law prohibited from disclosing or producing or which is privileged in terms of any law, and the legal rules relating to privilege as applicable to a witness summoned to give evidence or produce any book or document in civil proceedings in a court of law, shall apply in connection with the interrogation of any person required to appear as contemplated in this section, and in connection with the production of any book, document or information which he is to produce in terms of such a requirement.

(5) The secretary may, from moneys appropriated by Parliament for that purpose, compensate any person who has appeared in response to a notice under subsection (3), for any loss sustained or expenses incurred by him in connection with his appearance, if such person has produced all books and documents which he was obliged to produce and has satisfactorily answered all questions which he was bound to answer: Provided that the total amount paid by way of compensation to any such person shall not exceed the amount which would in like circumstances have been payable to him had he been summoned to appear as a witness in a civil case before a magistrate's court.

**Medical adviser
and other
advisers.**

(1) The Minister may, if he deems it desirable, appoint, at such remuneration and on such other conditions of service as he may determine in consultation with the Minister of Finance, a medical practitioner to advise him in connection with matters of a medical nature arising under this Act: Provided that no person shall be appointed in full-time service under this subsection otherwise than in accordance with and subject to the laws governing the public service.

(2) The Minister may appoint in part-time service, at such remuneration and on such other conditions of service as he may determine in consultation with the Minister of Finance, as many medical practitioners and other persons as he may consider necessary to advise and assist the medical adviser in connection with matters on which he is required to advise the Minister.

(3) The Minister may refer any matter of a medical nature arising under this Act to the medical adviser for his advice or for investigation by him, and may direct the medical adviser to consult any medical practitioner or other person appointed under subsection (2), or a particular medical practitioner or other person indicated by the Minister, in connection with such matter before furnishing such advice or reporting on such investigation.

**Annual report by
director.**

8. As soon as may be after the close of each financial year the director shall furnish the Minister with a report on the activities of the bureau, the certification committee and the reviewing authority.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

(2) Inligting kragtens subartikel (1) aangevra, kan in die vorm van 'n beëdigde verklaring deur die persoon wat die inligting verstrek, verlang word.

(3) Die direkteur kan deur middel van 'n skriftelike kennisgewing wat deur hom onderteken is enigiemand aansê om op 'n tyd en plek in die kennisgewing vermeld voor hom te verskyn om ondervra te word of om 'n boek of stuk in subartikel (1) bedoel aan hom oor te lê, en kan iemand wat voor hom verskyn, hetsy ingevolge so 'n kennisgewing of andersins, 'n eed ople of van hom 'n bevestiging afneem en hom ondervra.

(4) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê nie dat dit die direkteur magtig om te eis dat iemand inligting moet verstrek of 'n boek of stuk moet oorlê waarvan die blootlegging of oorlegging deur so iemand regtens verbode is of wat ingevolge die een of ander wet geprivilegieerd is, en die regsreëls met betrekking tot privilegie, soos toepaslik op 'n getuie wat gedagvaar is om getuie af te lê of 'n boek of stuk oor te lê in 'n siviele geding voor 'n geregshof, is van toepassing in verband met die ondervraging van iemand wat aangesê is om te verskyn soos in hierdie artikel beoog en in verband met 'n boek, stuk of inligting wat hy ingevolge so 'n aansegging moet oorlê.

(5) Die sekretaris kan, uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, enigiemand wat ingevolge 'n kennisgewing kragtens subartikel (3) verskyn het, vergoed vir verlies deur so iemand gely of koste deur hom aangegaan in verband met sy verskyning, indien so iemand alle boeke en stukke oorgelê het wat hy verplig was om oor te lê en alle vrae wat hy verplig was om te beantwoord, op 'n bevredigende wyse beantwoord het: Met dien verstande dat die totale bedrag by wyse van vergoeding aan so iemand betaal, nie dié bedrag te bowe gaan nie wat onder dergelyke omstandighede aan hom betaalbaar sou gewees het indien hy gedagvaar was om as 'n getuie in 'n siviele geding voor 'n landdroshof te verskyn.

7. (1) Die Minister kan, indien hy dit wenslik ag, 'n geneesheer aanstel teen die besoldiging en op die ander diensvoorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, om hom te adviseer in verband met aangeleenthede van geneeskundige aard wat ingevolge hierdie Wet ontstaan: Met dien verstande dat niemand kragtens hierdie subartikel in voltydse diens aangestel word nie behalwe ooreenkomstig en onderworpe aan die wette op die Staatsdiens.

Geneeskundige
adviseur en
ander adviseurs.

(2) Die Minister kan teen die besoldiging en op die ander diensvoorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, soveel geneeshere en ander persone in deelydse diens aanstel as wat hy nodig ag om die geneeskundige adviseur van advies te dien en by te staan in verband met aangeleenthede waarvoor hy die Minister moet adviseer.

(3) Die Minister kan 'n aangeleentheid van geneeskundige aard wat ingevolge hierdie Wet ontstaan na die geneeskundige adviseur vir sy advies of vir ondersoek deur hom verwys, en kan die geneeskundige adviseur gelas om 'n kragtens subartikel (2) aangestelde geneesheer of ander persoon, of 'n bepaalde geneesheer of ander persoon deur die Minister aangedui, oor bedoelde aangeleentheid te raadpleeg voordat hy dié advies gee of oor dié ondersoek verslag doen.

8. So gou doenlik na afloop van elke boekjaar moet die direkteur 'n verslag aan die Minister verstrek oor die werksaamhede van die buro, die sertifiseringskomitee en die hersieningsowerheid.

Jaarverslag
van direkteur.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

CHAPTER II.

CONTROL IN RESPECT OF MINES AND WORKS,
AND DETERMINATION OF RISK.Existing control
to continue.

9. Every mine or works which immediately before the commencement of this Act was a controlled mine or a controlled works under the previous Act, shall as from such commencement be a controlled mine or a controlled works for the purposes of this Act until such time as the mine or works in question is released from control under section 11.

Declaration as
controlled mine or
controlled works.

10. (1) Whenever it comes to the notice of the Minister that any persons are performing risk work at a mine or works which is not a controlled mine or a controlled works in terms of section 9 or a notice under this subsection, he shall, subject to the provisions of subsection (3) of this section, by notice in the *Gazette* declare the mine or works in question to be a controlled mine or a controlled works as from a date to be specified in the notice, not being a date earlier than thirty days after the day on which the notice is published in the *Gazette*.

(2) (a) A notice under subsection (1) shall contain the name and address of the owner of the mine or works in question and a true description of that mine or works in order that such mine or works may be readily identified.

(b) A copy of such notice shall be served on the owner of the mine or works in question not less than thirty days before the date on which that mine or works will become a controlled mine or a controlled works.

(3) A mine or works shall not under subsection (1) be declared to be a controlled mine or a controlled works so long as the Minister, after consultation with the Government Mining Engineer, is satisfied that on account of the limited scale or the temporary nature of the operations at the mine or works in question or on account of the fact that the number of persons performing risk work thereat is less than thirty, the declaration of that mine or works as a controlled mine or a controlled works is not practicable or justified.

(4) The commissioner shall maintain a register containing the name and a description of every controlled mine and every controlled works.

Cancellation
of control.

11. (1) If the Minister is satisfied after consultation with the Government Mining Engineer—

- (a) that operations at a controlled mine or a controlled works have ceased; or
- (b) that persons employed at a controlled mine or a controlled works no longer perform any risk work thereat; or
- (c) that the number of persons who perform risk work at a controlled mine or a controlled works has decreased to less than thirty,

he may, subject to the provisions of section 17 (2), by notice in the *Gazette* declare that the mine or works in question shall cease to be a controlled mine or a controlled works as from a date to be specified in the notice, not being a date earlier than thirty days after the day on which the notice appears in the *Gazette*.

(2) The provisions of section 10 (2) shall apply *mutatis mutandis* with reference to a notice under subsection (1) of this section.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

HOOFSTUK II.

BEHEER TEN OPSIGTE VAN MYNE EN BEDRYWE, EN BEPALING VAN RISIKO.

9. Elke myn of bedryf wat onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie Wet 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf ingevolge die vorige Wet was, is van bedoelde inwerking-treding af 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf vir die doeleindes van hierdie Wet tot tyd en wyl die betrokke myn of bedryf kragtens artikel 11 van beheer onthef word.

Bestaande beheer
duur voort.

10. (1) Wanneer dit onder die Minister se aandag kom dat persone risikowerk verrig by 'n myn of bedryf wat nie ingevolge artikel 9 of 'n kennisgewing kragtens hierdie subartikel 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is nie, moet hy, behoudens die bepalinge van subartikel (3) van hierdie artikel, die betrokke myn of bedryf by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verklaar met ingang van 'n datum wat in die kennisgewing vermeld moet word en wat nie 'n datum vroeër as dertig dae na die dag waarop die kennis-gewing in die *Staatskoerant* gepubliseer word, mag wees nie.

Verklaring tot
beheerde myn
of beheerde
bedryf.

(2) (a) 'n Kennisgewing kragtens subartikel (1) moet die naam en adres van die eienaar van die betrokke myn of bedryf bevat en 'n juiste beskrywing van daardie myn of bedryf sodat dié myn of bedryf gereedelik geïdentifiseer kan word.

(b) 'n Afskrif van bedoelde kennisgewing moet aan die eienaar van die betrokke myn of bedryf bestel word minstens dertig dae voor die datum waarop daardie myn of bedryf 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf sal word.

(3) 'n Myn of bedryf word nie kragtens subartikel (1) tot 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verklaar nie solank die Minister, na raadpleging met die Staatsmyningenieur, oortuig is dat dit weens die beperkte skaal of die tydelike aard van die werksaamhede by die betrokke myn of bedryf, of weens die feit dat die aantal persone wat daar risikowerk verrig minder as dertig is, nie doenlik of geregverdig is om daardie myn of bedryf tot 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf te verklaar nie.

(4) Die kommissaris moet 'n register hou wat die naam en 'n beskrywing van elke beheerde myn en elke beheerde bedryf bevat.

11. (1) Indien die Minister na raadpleging met die Staatsmyningenieur oortuig is—

Intrekking
van beheer.

(a) dat werksaamhede by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf gestaak is; of

(b) dat persone wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf werksaam is nie meer aldaar risikowerk verrig nie; of

(c) dat die aantal persone wat risikowerk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig tot minder as dertig gedaal het,

kan hy, behoudens die bepalinge van artikel 17 (2), by kennis-gewing in die *Staatskoerant* verklaar dat die betrokke myn of bedryf ophou om 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf te wees met ingang van 'n datum wat in die kennisgewing vermeld moet word en wat nie 'n datum vroeër as dertig dae na die dag waarop die kennisgewing in die *Staatskoerant* verskyn, mag wees nie.

(2) Die bepalinge van artikel 10 (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n kennisgewing kragtens sub-artikel (1) van hierdie artikel.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

*Ad hoc
application of
provision of Act.*

12. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* and on such conditions as he may deem desirable, declare that, as from a date to be specified in the notice, not being a date earlier than thirty days after the day on which the notice is published in the *Gazette*—

- (a) any provision of this Act specified in the notice, which is applicable with reference to a controlled mine or a controlled works, shall apply with reference to a mine or works so specified which is not a controlled mine or a controlled works;
- (b) subject to the provisions of section 10 (1), any provision of this Act specified in the notice, which is applicable with reference to persons employed at a controlled mine or a controlled works, shall apply with reference to persons performing risk work at a mine or works so specified which is not a controlled mine or a controlled works;
- (c) risk work at a mine or works specified in the notice which is not a controlled mine or a controlled works, shall be deemed to be risk work at a controlled mine or a controlled works.

(2) The provisions of section 10 (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to any notice under subsection (1) of this section.

Risk work.

13. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* declare to be risk work any particular work or all work performed in or at or in connection with any mine or works or part of a mine or works, or at a particular place or under particular circumstances in, or at or in connection with any mine or works.

(2) The Minister shall under subsection (1) declare any such work as is referred to in that subsection to be risk work if he is satisfied, after consultation with the risk committee and after consideration of such representations (if any) as may have been made to him by the owner of the mine or works in question or by any organization acting on behalf of such owner or on behalf of persons employed at that mine or works, that any person performing the work in question is exposed to—

- (a) dust of which the composition and concentration is such that it is in the opinion of the Minister harmful or potentially harmful; or
- (b) gases, vapours or chemical substances, or factors or working conditions, which, in the opinion of the Minister, are harmful or potentially harmful.

(3) In the exercise of his powers under this section the Minister may differentiate between mines and works or between mines and parts of a mine or between works and parts of a works or between different classes or groups of mines or works or between different occupations, trades or kinds of work or between different classes or groups of persons, as he may consider necessary or desirable.

(4) Any work performed at a mine referred to in section 9 at a place which immediately before the commencement of this Act was "dusty atmosphere" in terms of the definition of that expression in the previous Act, shall be deemed, until the Minister by notice in the *Gazette* declares otherwise, to have been declared risk work under this section.

(5) For the purpose of determining whether a person is entitled to a benefit under this Act—

- (a) work performed at a controlled mine or a controlled works before the date on which that mine or works became a controlled mine or a controlled works; or
- (b) work performed at a mine or works which, in the opinion of the Government Mining Engineer, would have been declared a controlled mine or a controlled works had it not closed down,

shall be deemed to be risk work performed at a controlled mine or a controlled works.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973.

Wet No. 78, 1973.

12. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* en op die voorwaardes wat hy wenslik ag, verklaar dat, met ingang van 'n datum in die kennisgewing vermeld en wat nie 'n datum vroeër as 'n datum dertig dae na die dag waarop die kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer word, mag wees nie—

Ad hoc-toepassing van bepaling van Wet.

- (a) 'n bepaling van hierdie Wet in die kennisgewing genoem, wat van toepassing is met betrekking tot 'n beheerde myn of beheerde bedryf, van toepassing is met betrekking tot 'n aldus genoemde myn of bedryf wat nie 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is nie;
- (b) behoudens die bepalings van artikel 10 (1), 'n bepaling van hierdie Wet in die kennisgewing genoem, wat van toepassing is met betrekking tot persone wat by 'n beheerde myn of beheerde bedryf werk, van toepassing is met betrekking tot persone wat risikowerk verrig by 'n aldus genoemde myn of bedryf wat nie 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is nie;
- (c) risikowerk by 'n myn of bedryf in die kennisgewing genoem wat nie 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is nie, geag word risikowerk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf te wees.

(2) Die bepalings van artikel 10 (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) van hierdie artikel.

13. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaalde werk of alle werk wat in of by of in verband met 'n myn of bedryf of deel van 'n myn of bedryf, of op 'n bepaalde plek, of onder bepaalde omstandighede, in of by of in verband met 'n myn of bedryf, verrig word, tot risikowerk verklaar.

Risikowerk.

(2) Die Minister moet werk soos in subartikel (1) bedoel, kragtens daardie subartikel tot risikowerk verklaar indien hy, na raadpleging met die risikokomitee en na oorweging van die verhoë (as daar is) wat tot hom gerig is deur die eienaar van die betrokke myn of bedryf of deur 'n organisasie wat optree ten behoeve van daardie eienaar of ten behoeve van persone wat by daardie myn of bedryf werksaam is, oortuig is dat 'n persoon wat die betrokke werk verrig, blootgestel word aan—

- (a) stof waarvan die samestelling en konsentrasie sodanig is dat dit volgens die oordeel van die Minister skadelik of potensieel skadelik is; of
- (b) gasse, dampe of chemiese stowwe, of faktore of werksomstandighede, wat volgens die oordeel van die Minister skadelik of potensieel skadelik is.

(3) By die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie artikel kan die Minister, na gelang hy dit nodig of wenslik ag, onderskeid maak tussen myne en bedrywe of tussen myne en dele van 'n myn of tussen bedrywe en dele van 'n bedryf of tussen verskillende klasse of groepe van myne of bedrywe of tussen verskillende beroepe, ambagte of soorte werk of tussen verskillende klasse of groepe van persone.

(4) Werk wat by 'n in artikel 9 bedoelde myn verrig word op 'n plek wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet „stowwige lug” volgens die omskrywing van daardie uitdrukking in die vorige Wet was, word geag, totdat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* anders verklaar, kragtens hierdie artikel tot risikowerk verklaar te gewees het.

(5) Ten einde te bepaal of iemand op 'n voordeel ingevolge hierdie Wet geregtig is, word—

- (a) werk wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig is voor die datum waarop daardie myn of bedryf 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf geword het; of
- (b) werk wat verrig is by 'n myn of bedryf wat volgens die Staatsmyningenieur se oordeel 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verklaar sou gewees het indien dit nie gesluit het nie,

geag risikowerk te wees wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig is.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

(6) If the question arises whether a person has performed risk work at a controlled mine or a controlled works or at a mine or works which is deemed to be or to have been a controlled mine or a controlled works, or if the question arises whether a person so worked during any particular period or during particular periods, the decision of the Minister with reference to such question shall be final, and the commissioner shall act in accordance with the decision of the Minister in connection with the award of any benefit to which that person or his dependants may have or acquire a claim under this Act.

(7) For the purpose of determining whether a Coloured female or a Bantu person is entitled to a benefit in respect of tuberculosis, or for the purpose of determining the amounts which shall be levied from the owners of controlled mines or controlled works under this Act, a shift during which a person was required to perform risk work for a period of not less than fifteen minutes in the course of or in connection with the performance of his normal duties or in pursuance of an instruction issued by a person who has the authority to issue such an instruction, shall be deemed to be a shift during which risk work was performed at or in connection with a controlled mine or a controlled works and shall be so recorded by the owner of the mine or works in question.

Prohibition of performance of risk work at controlled mine or works on ground of age and sex.

14. (1) Save as provided in subsection (2), no male under the age of sixteen years and no female shall perform risk work at a controlled mine or a controlled works, and no owner of such a mine or works or person in control of such a mine or works or any part thereof or contractor shall knowingly permit any male person under the age of sixteen years or any female to perform risk work at such mine or works.

(2) The Minister may, after consultation with the Government Mining Engineer and subject to such conditions as the Minister may determine, authorize an owner of a controlled mine or a controlled works to employ a female in risk work at that mine or works.

Prohibition of performance of risk work at controlled mine or works without a certificate of fitness.

15. (1) Save as provided in subsection (2), no White person and no Coloured person shall perform risk work at a controlled mine or a controlled works, unless he is in possession of a current certificate of fitness, or otherwise than in accordance with or subject to the terms of that certificate, and no owner of a controlled mine or a controlled works and no contractor shall permit any White person or Coloured person to perform risk work at such mine or works, except in so far as that person is authorized to perform such work by virtue of such a certificate: Provided that an initial or other certificate of fitness or a special certificate issued under the provisions of the previous Act and which was valid immediately before the commencement of this Act, shall be deemed to be a current certificate of fitness under this Act until the validity thereof expires or until it is cancelled or is replaced by a certificate of fitness under this Act.

(2) The Minister may, after consultation with the Government Mining Engineer and the director, and subject to such conditions as the Minister may determine, exempt the owner of a controlled mine or a controlled works or a contractor from the provisions of subsection (1) in respect of a particular person or group of persons in his service or in respect of a particular occupation, if the Minister is satisfied that special circumstances exist which make such exemption desirable or that the work performed by such person or group of persons is of a temporary nature or of short duration or that the risk to which such person or group of persons is exposed is negligible, and the Minister may at any time cancel such an exemption.

(3) The provisions of this section shall not be construed as prohibiting a person who is not in possession of a certificate as aforesaid, from performing at a mine or works which is not a

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

(6) Indien die vraag ontstaan of 'n persoon risikowerk verrig het by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf of by 'n myn of bedryf wat geag word 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf te wees of te gewees het, of indien die vraag ontstaan of 'n persoon gedurende 'n bepaalde tydperk of gedurende bepaalde tydperke aldus gewerk het, is die Minister se beslissing met betrekking tot daardie vraag afdoende en moet die kommissaris ooreenkomstig die Minister se beslissing handel in verband met die toekenning van 'n voordeel waarop die betrokke persoon of sy afhanklikes ingevolge hierdie Wet 'n aanspraak kan hê of verkry.

(7) Ten einde te bepaal of 'n Kleurlingvrou of 'n Bantoe persoon op 'n voordeel ten opsigte van tuberkulose geregtig is, of ten einde die bedrae te bepaal wat ingevolge hierdie Wet op die eenaars van beheerde myne of beheerde bedrywe gehef moet word, word 'n skof waartydens 'n persoon in die loop van of in verband met die verrigting van sy normale werksaamhede of volgens 'n opdrag gegee deur 'n persoon wat daartoe bevoeg is, verplig was om 'n tydperk van minstens vyftien minute risikowerk te verrig, geag 'n skof te wees waartydens risikowerk by of in verband met 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig is, en moet dit aldus deur die eenaar van die betrokke myn of bedryf aange teken word.

14. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), mag geen manspersoon onder die ouderdom van sestien jaar en geen vrouspersoon risikowerk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig nie, en mag geen eenaar van so 'n myn of bedryf of persoon in beheer van so 'n myn of bedryf of 'n deel daarvan of kontrakteur wetens 'n manspersoon onder die ouderdom van sestien jaar of 'n vrouspersoon toelaat om risikowerk by dié myn of bedryf te verrig nie.

Verbod op ver-
rigting van
risikowerk op
grond van
ouderdom en
geslag.

(2) Die Minister kan, na raadpleging met die Staatsmyn-ingenieur en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister bepaal, 'n eenaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf magtig om 'n vrouspersoon in risikowerk by daardie myn of bedryf in diens te stel.

15. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), mag geen Blankepersoon en geen Kleurlingpersoon risikowerk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig nie, tensy hy in besit is van 'n geldende sertifikaat van geskiktheid, of anders as ooreenkomstig en onderworpe aan die bepalings van daardie sertifikaat, en mag geen eenaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf en geen kontrakteur 'n Blankepersoon of 'n Kleurlingpersoon toelaat om risikowerk by daardie myn of bedryf te verrig nie, behalwe vir sover daardie persoon uit hoofde van so 'n sertifikaat gemagtig is om dié werk te verrig: Met dien verstande dat 'n eerste of ander sertifikaat van geskiktheid of spesiale sertifikaat uitgereik kragtens die bepalings van die vorige Wet en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geldig was, geag word 'n geldende sertifikaat van geskiktheid ingevolge hierdie Wet te wees totdat die geldigheid daarvan verstryk of totdat dit ingetrek word of deur 'n sertifikaat van geskiktheid ingevolge hierdie Wet vervang word.

Verbod op ver-
rigting van
risikowerk by
beheerde myn
of bedryf sonder
'n sertifikaat van
geskiktheid.

(2) Die Minister kan, na raadpleging met die Staatsmyn-ingenieur en die direkteur en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister bepaal, die eenaar van 'n beheerde myn of beheerde bedryf of 'n kontrakteur ten opsigte van 'n bepaalde persoon of groep van persone in sy diens of ten opsigte van 'n bepaalde beroep, van die bepalings van subartikel (1) vrystel indien die Minister oortuig is dat daar spesiale omstandighede bestaan wat sodanige vrystelling wenslik maak of dat die werk wat sodanige persoon of groep van persone verrig tydelik van aard of van korte duur is of dat die risiko waaraan sodanige persoon of groep van persone blootgestel word, gering is, en die Minister kan so 'n vrystelling te eniger tyd intrek.

(3) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê nie dat dit 'n persoon wat nie 'n sertifikaat soos voormeld besit nie, belet om by 'n myn of bedryf wat by die inwerkingtreding van

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

controlled mine or a controlled works at the commencement of this Act, any work in which he is employed at that mine or works on the date on which it becomes a controlled mine or a controlled works, for a period not exceeding six months as from that date.

Register of persons performing risk work at controlled mine or works.

16. (1) The owner of a controlled mine or a controlled works shall keep a register in which shall be recorded—

- (a) the name of every White person or Coloured person employed by him in connection with risk work at such mine or works, and the number assigned to such person by the bureau;
- (b) the date of issue or renewal and the date of expiry of any certificate of fitness issued to such person;
- (c) any restriction subject to which any such certificate may have been issued or renewed; and
- (d) such other information as may be prescribed.

(2) Every contractor shall keep a register in which shall be recorded, in respect of every White person or Coloured person employed by him in connection with risk work at a controlled mine or a controlled works, the particulars mentioned in subsection (1), and shall upon completion of such work or when so requested by the owner of the mine or works in question, make such register or a copy thereof available to the said owner.

(3) A register kept in terms of the provisions of subsection (1) or (2), shall be available for inspection by the director or by any other person appointed under section 3 (1) who has been authorized in writing by the director to inspect it, and at the request of the director or such a person, a copy of such register shall be made available to the director or that person.

Closure of controlled mine or works or alienation of assets by owner.

17. (1) An owner of a controlled mine or a controlled works who owes the commissioner any amount under a provision of this Act, shall not discontinue the operations at his mine or works or sell or alienate his rights in connection with that mine or works unless—

- (a) such owner has given not less than thirty days' notice in writing to the commissioner of his intention to do so; and
- (b) the commissioner has issued to such owner a certificate to the effect that all amounts which he is required to pay to the commissioner under the provisions of this Act have been fully paid or, as the case may be, that he has made arrangements which have been accepted by the commissioner, for the payment of any amount due by him to the commissioner.

(2) After the date on which the notice mentioned in subsection (1) was given to the commissioner, such owner shall not sell or alienate any asset which he has acquired or created for use in connection with the operation of his mine or works except with the approval in writing of the commissioner or until the commissioner has issued to such owner a certificate referred to in subsection (1) (b).

(3) The Minister shall not under section 11 release a controlled mine or a controlled works from control, unless he is satisfied that the owner of the mine or works in question has fully paid all amounts which he is required to pay to the commissioner under the provisions of this Act, or that he has made arrangements, which have been accepted by the commissioner, for the payment of any amount which is due by him to the commissioner.

(4) For the purposes of subsection (2), the decision of the Minister, acting on the advice of the Government Mining Engineer, on any question as to whether an asset which is or was held by an owner of a controlled mine or a controlled works was acquired or created for use in connection with the operation of that mine or works, shall be final.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

hierdie Wet nie 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is nie, werk te verrig waarin hy by daardie myn of bedryf werksaam is op die datum waarop dit 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf word, vir 'n tydperk van hoogstens ses maande vanaf daardie datum.

16. (1) Die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf moet 'n register hou waarin aangeteken word—

Register van persone wat risikowerk by beheerde myn of bedryf verrig.

- (a) die naam van elke Blankepersoon of Kleurlingpersoon wat hy in verband met risikowerk by daardie myn of bedryf in diens het, en die nommer deur die buro aan daardie persoon toegewys;
- (b) die datum van uitreiking of hernuwing en die verval-datum van enige sertifikaat van geskiktheid aan dié persoon uitgereik;
- (c) enige beperking onderworpe waaraan so 'n sertifikaat uitgereik of hernieu is; en
- (d) die ander inligting wat voorgeskryf word.

(2) Elke kontrakteur moet 'n register hou waarin die besonderhede vermeld in subartikel (1) aangeteken moet word ten opsigte van elke Blankepersoon of Kleurlingpersoon wat hy in verband met risikowerk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf in diens het, en moet by afhandeling van daardie werk of wanneer die eienaar van die betrokke myn of bedryf dit versoek, dié register of 'n afskrif daarvan aan die genoemde eienaar beskikbaar stel.

(3) 'n Register wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) of (2) gehou word, moet beskikbaar wees vir insae deur die direkteur of deur 'n ander persoon kragtens artikel 3 (1) aangestel wat skriftelik deur die direkteur gemagtig is om dit in te sien, en op versoek van die direkteur of so 'n persoon, moet 'n afskrif van die register aan die direkteur of dié persoon beskikbaar gestel word.

17. (1) 'n Eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf wat 'n bedrag ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet aan die kommissaris verskuldig is, staak nie die werksaamhede by sy myn of bedryf nie of verkoop of vervreem nie sy regte in verband met daardie myn of bedryf nie tensy—

Sluiting van beheerde myn of bedryf of vervreemding van bates deur eienaar.

- (a) bedoelde eienaar minstens dertig dae skriftelike kennis van sy voorneme om dit te doen, aan die kommissaris gegee het; en
- (b) die kommissaris aan bedoelde eienaar 'n sertifikaat uitgereik het ten effekte dat alle bedrae wat hy ingevolge die bepalings van hierdie Wet aan die kommissaris moet betaal, ten volle betaal is of, na gelang van die geval, dat hy reëlins wat deur die kommissaris aanvaar is, getref het vir die betaling van 'n bedrag wat hy aan die kommissaris verskuldig is.

(2) Na die datum waarop die in subartikel (1) bedoelde kennis aan die kommissaris gegee is, verkoop of vervreem bedoelde eienaar nie 'n bate wat hy vir gebruik in verband met die werking van sy myn of bedryf verkry of tot stand gebring het nie behalwe met die skriftelike goedkeuring van die kommissaris of totdat die kommissaris aan bedoelde eienaar 'n in subartikel (1) (b) bedoelde sertifikaat uitgereik het.

(3) Die Minister onthef nie 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf ingevolge artikel 11 van beheer nie, tensy hy oortuig is dat die eienaar van die betrokke myn of bedryf al die bedrae wat hy ingevolge die bepalings van hierdie Wet aan die kommissaris moet betaal, ten volle betaal het, of dat hy reëlins wat deur die kommissaris aanvaar is, getref het om 'n bedrag wat hy aan die kommissaris verskuldig is, te betaal.

(4) By die toepassing van subartikel (2) is die beslissing van die Minister handelende op advies van die Staatsmyningenieur afdoende oor die vraag of 'n bate wat deur die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf besit word of is, vir gebruik in verband met die werking van daardie myn of bedryf gerky of tot stand gebring is.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

Establishment and constitution of risk committee.

18. (1) There shall be established a committee, to be called the Risk Committee for Mines and Works, which shall exercise the powers and perform the functions conferred upon or assigned to it by this Act, and such other functions and duties as may from time to time be assigned to it by the Minister.

(2) (a) The risk committee shall, subject to the provisions of subsection (4), consist of the Government Mining Engineer, the director and not less than three or more than four other members to be appointed by the Minister, of whom one shall be a medical practitioner.

(b) In appointing members of the risk committee the Minister shall consider such representations (if any) as may have been made to him by owners of controlled mines or controlled works or by any organization acting on behalf of such owners or on behalf of persons who perform risk work at controlled mines or controlled works.

(3) The Minister may appoint in respect of any member of the risk committee appointed by him, an alternate or so many alternates as he may consider necessary.

(4) The Government Mining Engineer shall *ex officio* be the chairman of the risk committee, and when there is no Government Mining Engineer or the Government Mining Engineer is absent or is for any other reason unable to perform his functions as chairman of the risk committee, a Deputy Government Mining Engineer designated by the Minister for that purpose shall act as chairman of the risk committee.

(5) (a) The quorum for a meeting of the risk committee shall be a majority of its members including the chairman.

(b) The Minister may make such rules as he may consider necessary or desirable for the proper functioning of the risk committee.

(6) A member of the risk committee, and an alternate to such a member, who is not in the full-time service of the State, shall be appointed at such remuneration and on such other conditions of service and for such period not exceeding five years as the Minister may determine in consultation with the Minister of Finance.

(7) If the Minister is of the opinion that a member of the risk committee who has been appointed by him, or an alternate to such a member, is not competent to serve as a member of the risk committee or as such an alternate, the Minister may by notice in writing terminate the appointment of the member or alternate concerned.

Powers of chairman of risk committee to enter upon premises, conduct investigations or obtain information.

19. (1) The chairman of the risk committee or any person authorized thereto in writing by him may enter upon any place at a mine or works where any persons work or have worked or where it is intended to cause any persons to work, and carry out such observations, tests, experiments, measurements, investigations or surveys as he may consider necessary for the performance of the functions of the risk committee, and view any instrument, appliance or machinery used in connection with the operations at that mine or works or with which any observations, tests, experiments, measurements, investigations or surveys are carried out.

(2) The chairman of the risk committee shall have the same powers as those conferred upon the director by sections 5 (3) and 6, and the provisions of those sections relating to the exercise of such powers by the director shall *mutatis mutandis* apply with reference to the exercise of such powers by the said chairman.

Determination of risk of controlled mine or works.

20. (1) As soon as possible after the commencement of this Act, the risk committee shall, in respect of every mine or works which is in terms of section 9 a controlled mine or a controlled works, determine the risk of that mine or works: Provided that the pneumoconiosis risk which immediately before such commencement applied in respect of such a controlled mine under

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

18. (1) Daar word 'n komitee ingestel wat die Risikokomitee vir Myne en Bedrywe heet en wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede verrig wat by hierdie Wet aan hom verleen of opgedra word, en die ander werksaamhede en pligte verrig wat die Minister van tyd tot tyd aan hom opdra.

Instelling en samestelling van risikokomitee.

(2) (a) Die risikokomitee bestaan, behoudens die bepalings van subartikel (4), uit die Staatsmyningenieur, die direkteur en nie minder as drie of meer as vier ander lede nie wat die Minister aanstel en van wie een 'n geneesheer moet wees.

(b) By die aanstelling van lede van die risikokomitee moet die Minister die verhoë (as daar is) oorweeg wat aan hom gerig is deur eienaars van beheerde myne of beheerde bedrywe of deur 'n organisasie wat ten behoeve van sodanige eienaars of ten behoeve van persone wat risikowerk by beheerde myne of beheerde bedrywe verrig, optree.

(3) Die Minister kan ten opsigte van 'n lid van die risikokomitee wat deur hom aangestel is, 'n plaasvervanger of soveel plaasvervangers as wat hy nodig ag, aanstel.

(4) Die Staatsmyningenieur is ampshalwe die voorsitter van die risikokomitee, en wanneer daar nie 'n Staatsmyningenieur is nie of die Staatsmyningenieur afwesig is of om 'n ander rede nie in staat is om sy werksaamhede as voorsitter van die risikokomitee te verrig nie, tree 'n Adjunk-Staatsmyningenieur deur die Minister vir dié doel aangewys as voorsitter van die risikokomitee op.

(5) (a) Die kworum vir 'n vergadering van die risikokomitee is 'n meerderheid van die lede daarvan, wat die voorsitter moet insluit.

(b) Die Minister kan die reëls neerlê wat hy vir die beoorloofde funksionering van die risikokomitee nodig of wenslik ag.

(6) 'n Lid van die risikokomitee, en 'n plaasvervanger van so 'n lid, wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, word aangestel teen die besoldiging en op die ander diensvoorwaardes en vir die tydperk van hoogstens vyf jaar wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(7) Indien die Minister van mening is dat 'n lid van die risikokomitee wat deur hom aangestel is of 'n plaasvervanger van so 'n lid, onbekwaam is om as lid van die risikokomitee of as so 'n plaasvervanger te dien, kan die Minister die aanstelling van die betrokke lid of plaasvervanger by skriftelike kennisgewing beëindig.

19. (1) Die voorsitter van die risikokomitee of 'n persoon wat hy skriftelik daartoe gemagtig het, kan enige plek by 'n myn of bedryf betree waar persone werk of gewerk het of waar dit die voorname is om persone te laat werk, en die waarnemings, toetse, eksperimente, opmetings, ondersoeke of opnames uitvoer wat hy vir die verrigting van die werksaamhede van die risikokomitee nodig ag, en enige instrument, toestel of masjinerie besigtig wat in verband met die werksaamhede by daardie myn of bedryf gebruik word of waarmee waarnemings, toetse, eksperimente, opmetings, ondersoeke of opnames uitgevoer word.

Bevoegdhede van voorsitter van risikokomitee om plekke te betree, ondersoeke in te stel of inligting te verkry.

(2) Die voorsitter van die risikokomitee het dieselfde bevoegdhede as dié wat by artikels 5 (3) en 6 aan die direkteur verleen word, en die bepalings van daardie artikels met betrekking tot die uitoefening van bedoelde bevoegdhede deur die direkteur is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die uitoefening van dié bevoegdhede deur die genoemde voorsitter.

20. (1) So gou moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet, moet die risikokomitee ten opsigte van elke myn of bedryf wat ingevolge artikel 9 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is, die risiko van daardie myn of bedryf bepaal: Met dien verstande dat die pneumokoniose-risiko wat kragtens die vorige Wet ten opsigte van so 'n beheerde myn geld het onmiddellik

Bepaling van risiko van beheerde myn of bedryf.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

the previous Act, shall, for the purposes of this Act, be deemed to be the risk of that mine until the risk has been determined under this subsection.

(2) As soon as possible after the date on which a mine or works becomes a controlled mine or a controlled works in terms of section 10, but not later than sixty days after that date, the risk committee shall determine the risk of that mine or works.

(3) The risk committee shall determine the risk of any mine or works in accordance with the basis fixed by the Minister under subsection (5), or, if the Minister has not fixed any such basis, in such manner as the risk committee deems fit, and, in determining such risk, the risk committee shall consider such representations (if any) as may have been made to it by the owner of the mine or works in question or by any organization acting on behalf of persons performing risk work at that mine or works, and may—

- (a) determine different risks in respect of separate mines or works or parts of mines or works or working places in or at mines or works or categories or kinds or groups of mines or works, or different categories or classes or groups of workers, or different occupations in or at or in connection with mines or works;
- (b) take into consideration any factor which, in the opinion of the risk committee, may or is likely to affect the risk in any particular case or generally; and
- (c) consult any person who in its opinion has special knowledge of any matter before the risk committee for consideration of on which the risk committee is required to make a decision.

(4) The risk committee shall express any risk which it determines, as a percentage.

- (5) (a) The Minister may, if he deems it expedient, determine the basis in accordance with which the risk of mines or works shall be determined by the risk committee.
- (b) In determining such basis, the Minister shall consider such representations (if any) as may have been made to him by owners of controlled mines or controlled works or by any organization acting on behalf of such owners or on behalf of persons who perform risk work at controlled mines or controlled works.
- (c) Any determination made by the Minister under paragraph (a) shall be published for general information in the *Gazette*.

Review and alteration or redetermination of risk.

21. The risk committee may at any time, of its own motion or on application by the owner of a controlled mine or a controlled works or by any organization acting on behalf of such owner or on behalf of persons who perform risk work at such controlled mine or such controlled works, review its determination of the risk of the mine or works in question and confirm or alter that determination or set it aside and redetermine the risk in question.

Notice of determination, alteration or redetermination of risk.

22. When the risk committee has determined the risk of a controlled mine or a controlled works under section 20 or has altered its determination of such risk or has set it aside and redetermined the risk under section 21, the chairman of the risk committee or any person authorized thereto by him, shall give notice thereof in writing to the director, the commissioner and the owner of the mine or works in question and, where the alteration or the setting aside resulted from a review on application by an organization acting on behalf of persons who perform risk work at such mine or works, to that organization.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

voor bedoelde inwerkingtreding, vir die doeleindes van hierdie Wet geag word die risiko van daardie myn te wees totdat die risiko kragtens hierdie subartikel bepaal is.

(2) So gou moontlik na die datum waarop 'n myn of 'n bedryf ingevolge artikel 10 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf word maar nie later as sestig dae na daardie datum nie, moet die risikokomitee die risiko van daardie myn of bedryf bepaal.

(3) Die risikokomitee bepaal die risiko van 'n myn of bedryf volgens die grondslag deur die Minister vasgestel kragtens subartikel (5) of, indien die Minister nie so 'n grondslag vasgestel het nie, op die wyse wat die risikokomitee goedvind, en, by die bepaling van sodanige risiko, moet die risikokomitee die vertoë (as daar is) oorweeg wat tot hom gerig is deur die eenaar van die betrokke myn of bedryf of deur 'n organisasie wat ten behoeve van persone optree wat risikowerk by daardie myn of bedryf verrig, en kan die risikokomitee—

(a) verskillende risiko's bepaal ten opsigte van afsonderlike myne of bedrywe of dele van myne of bedrywe of werkplekke in of by myne of bedrywe of kategorieë of soorte of groepe van myne of bedrywe, of verskillende kategorieë of klasse of groepe van werkers of verskillende beroepe in of by of in verband met myne of bedrywe;

(b) enige faktor in aanmerking neem wat volgens die risikokomitee se oordeel die risiko in 'n bepaalde geval of in die algemeen kan of waarskynlik sal beïnvloed; en

(c) enigiemand raadpleeg wat volgens die risikokomitee se oordeel spesiale kennis het van 'n aangeleentheid wat voor die risikokomitee vir oorweging dien of waaroor die risikokomitee moet besluit.

(4) Die risikokomitee moet 'n risiko wat hy bepaal, uitdruk as 'n persentasie.

(5) (a) Die Minister kan, indien hy dit dienstig ag, die grondslag bepaal waarvolgens die risikokomitee die risiko van myne en bedrywe moet bepaal.

(b) By die bepaling van sodanige grondslag, moet die Minister die vertoë (as daar is) oorweeg wat tot hom gerig is deur die eenaars van beheerde myne of beheerde bedrywe of deur 'n organisasie wat ten behoeve van sodanige eenaars of ten behoeve van persone wat risikowerk by beheerde myne of beheerde bedrywe verrig, optree.

(c) 'n Bepaling deur die Minister kragtens paragraaf (a) gedoen, moet vir algemene inligting in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

21. Die risikokomitee kan te eniger tyd, uit eie beweging of op aansoek deur die eenaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf of deur 'n organisasie wat ten behoeve van sodanige eenaar of ten behoeve van persone wat risikowerk by dié beheerde myn of dié beheerde bedryf verrig, optree, sy bepaling van die risiko van die betrokke myn of bedryf hersien en daardie bepaling bevestig of wysig of dit ter syde stel en die betrokke risiko herbepaal.

Hersiening en wysiging of herbepaling van risiko.

22. Wanneer die risikokomitee kragtens artikel 20 die risiko van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf bepaal het of kragtens artikel 21 sy bepaling van sodanige risiko gewysig het of dit tersyde gestel en die risiko herbepaal het, moet die voorsitter van die risikokomitee of 'n persoon deur hom daartoe gemagtig, skriftelik daarvan kennis gee aan die direkteur, die kommissaris en die eenaar van die betrokke myn of bedryf en, waar die wysiging of die tersydestelling en herbepaling die gevolg was van 'n hersiening op aansoek deur 'n organisasie wat ten behoeve van persone optree wat risikowerk by daardie myn of bedryf verrig, aan daardie organisasie.

Kennisgewing van bepaling, wysiging of herbepaling van risiko.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

CHAPTER III.

CERTIFICATES OF FITNESS, AND MEDICAL
AND OTHER EXAMINATIONS.Initial medical
examination for
certificate of
fitness.

23. (1) Any White person or Coloured person who is not in possession of a certificate of fitness, may in writing on the prescribed form apply to the director for a medical examination with a view to the issue to him of a certificate of fitness, and upon receipt of such application and the amount prescribed by the Minister in consultation with the Minister of Finance, the director shall cause the applicant to be examined as soon as practicable.

(2) If such applicant is on such examination found to be fit for risk work at a controlled mine or a controlled works, the director shall issue to him a certificate of fitness which shall be in the prescribed form and shall contain such information as the director deems necessary.

(3) A certificate of fitness issued to any person under subsection (2) shall be valid for such period not exceeding twelve months from the date of its issue as the director may determine, either generally or in any particular case, and the director may, in his discretion, in respect of such certificate impose restrictions limiting the holder thereof—

- (a) to work at a particular controlled mine or controlled works; or
- (b) to work at a controlled mine or a controlled works of a particular kind or group or category; or
- (c) to work in a particular occupation at a controlled mine or a controlled works; or
- (d) to work for a fixed period or fixed periods in a particular controlled mine or controlled works, or in controlled mines or controlled works of a particular kind or group or category.

(4) (a) The decision of the director on any matter relating to the medical examination contemplated in subsection (1) of a person referred to in that subsection, or the issue of a certificate of fitness to such a person in terms of subsections (2) and (3), shall be final.

(b) Where any person has on such an examination been found permanently or temporarily unfit for risk work at a controlled mine or a controlled works, the director shall cause the finding to be communicated to such person in writing.

(c) A person who has been found temporarily unfit for such work, shall be entitled to a further medical examination free of charge if he presents himself for such an examination within ninety days from a date determined by the director and communicated in writing to such person.

(5) The director shall determine the standard of fitness for risk work at a controlled mine or a controlled works which shall be applied at the medical examination of a person examined for the first time with a view to the issue to him of a certificate of fitness, and for that purpose the director may—

- (a) determine different standards in respect of mines and works;
- (b) determine different standards in respect of different groups, kinds or categories of mines or works;
- (c) determine different standards in respect of different classes, groups or categories of persons, or different occupations at controlled mines or controlled works.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

HOOFSTUK III.

SERTIFIKATE VAN GESKIKTHEID, EN GENEESKUNDIGE EN ANDER ONDERSOEKE.

23. (1) 'n Blankepersoon of Kleurlingpersoon wat nie 'n Eerste geneeskundige ondersoek vir sertifikaat van geskiktheid. (1) 'n sertifikaat van geskiktheid besit nie, kan skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die direkteur aansoek doen om 'n geneeskundige ondersoek met die oog op die uitreiking aan hom van 'n sertifikaat van geskiktheid, en by ontvangs van die aansoek en die bedrag deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies voorgeskryf, laat die direkteur die applikant so gou doenlik ondersoek.

(2) Indien bedoelde applikant by so 'n ondersoek vir risikowerk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf geskik bevind word, reik die direkteur aan hom 'n sertifikaat van geskiktheid uit wat in die voorgeskrewe vorm moet wees en die inligting moet bevat wat die direkteur nodig ag.

(3) 'n Sertifikaat van geskiktheid wat ingevolge subartikel (2) aan 'n persoon uitgereik word, is geldig vir die tydperk van hoogstens twaalf maande vanaf die datum van uitreiking daarvan wat die direkteur in die algemeen of in 'n besondere geval bepaal, en die direkteur kan na goeddunke in verband met so 'n sertifikaat beperkings opleë waardeur die besitter daarvan beperk word—

- (a) tot werk by 'n bepaalde beheerde myn of beheerde bedryf; of
- (b) tot werk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf van 'n bepaalde soort of groep of kategorie; of
- (c) tot werk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf in 'n bepaalde beroep; of
- (d) tot werk vir 'n vasgestelde tydperk of, vir vasgestelde tydperke in 'n bepaalde beheerde myn of beheerde bedryf of in beheerde myne of beheerde bedrywe van 'n bepaalde soort of groep of kategorie.

(4) (a) Die beslissing van die direkteur oor 'n aangeleentheid rakende die geneeskundige ondersoek in subartikel (1) beoog van 'n persoon in daardie subartikel bedoel, of die uitreiking van 'n sertifikaat van geskiktheid aan so 'n persoon, ingevolge subartikels (2) en (3), is afdoende.

- (b) Waar 'n persoon by so 'n ondersoek permanent of tydelik ongeskik vir risikowerk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf bevind is, moet die direkteur die bevinding skriftelik aan daardie persoon laat meedeel.
- (c) 'n Persoon wat tydelik ongeskik vir sodanige werk bevind is, is geregtig om gratis 'n verdere geneeskundige ondersoek te verkry indien hy hom vir so 'n ondersoek aanmeld binne negentig dae vanaf 'n datum deur die direkteur bepaal en skriftelik aan daardie persoon meegedeel.

(5) Die direkteur moet die standaard van geskiktheid vir risikowerk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf bepaal wat toegepas moet word by die geneeskundige ondersoek van 'n persoon wat vir die eerste keer ondersoek word met die oog op die uitreiking aan hom van 'n sertifikaat van geskiktheid, en vir dié doel kan die direkteur—

- (a) verskillende standaarde bepaal ten opsigte van myne en bedrywe;
- (b) verskillende standaarde bepaal ten opsigte van verskillende groepe, soorte of kategorieë van myne of bedrywe;
- (c) verskillende standaarde bepaal ten opsigte van verskillende klasse, groepe of kategorieë van persone of verskillende beroepe by beheerde myne of beheerde bedrywe.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

Medical examination of White or Coloured person on mine or works becoming controlled mine or works.

24. (1) The director shall within six months after the date on which a mine or works becomes a controlled mine or a controlled works by virtue of a notice under section 10—

- (a) cause to be medically examined every White person or Coloured person who on that date is employed in risk work at that mine or works and who is not in possession of a current certificate of fitness; and
- (b) subject to the provisions of subsection (3), cause a certificate of fitness to be issued to any such person who is found to be free from any compensatable disease or who is found to be suffering from a compensatable disease which does not disqualify him from obtaining a certificate of fitness, irrespective of whether or not such person complies with the standard of fitness determined under section 23 (5).

(2) A certificate of fitness referred to in subsection (1) (b) may be issued subject to any restriction contemplated in section 23 (3).

(3) The director may refuse the issue of a certificate of fitness to any person referred to in subsection (1) if his health is in the opinion of the director such that he may in the performance of his work endanger his own health or safety or the health or safety of other persons employed at the mine or works in question.

(4) If, after a medical examination of any person under subsection (1), the issue to him of a certificate of fitness is refused, the director shall in writing inform such person of the reasons for the refusal.

(5) The director shall as soon as possible after any person has in terms of subsection (1) been medically examined, in writing inform the owner of the mine or works in question of the finding at the examination.

Periodical medical examination for renewal of certificate of fitness.

25. (1) Every White person or Coloured person who performs risk work at a controlled mine or a controlled works, shall be medically examined at such intervals as may be prescribed by the Minister.

(2) Regulations made under subsection (1) may—

- (a) differentiate between controlled mines and controlled works, or between different groups, kinds or categories of controlled mines or controlled works, or between different working places at controlled mines or controlled works, or between different classes, groups or categories of persons, or between different occupations at controlled mines or controlled works;
- (b) prescribe the nature of the examination to be carried out at any such examination; and
- (c) prescribe the period for which any person who has obtained a certificate of fitness for the first time, shall have performed risk work at a controlled mine or a controlled works in order to be entitled to the renewal of his certificate of fitness.

(3) If a person referred to in subsection (1) is at an examination in terms of that subsection found to be free from any compensatable disease in the second degree within the meaning of section 44 (2), the director shall, subject to the provisions of subsections (4) and (5) of this section, cause the certificate of fitness of such person to be renewed for such period as the director may determine but not exceeding the prescribed period.

(4) Any certificate of fitness may under subsection (3) of this section be renewed subject to any restriction contemplated in section 23 (3).

(5) The director may refuse the renewal of the certificate of fitness of a person referred to in subsection (1), and may cancel such certificate, if his health is in the opinion of the

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

24. (1) Die direkteur moet binne ses maande na die datum waarop 'n myn of bedryf uit hoofde van 'n kennisgewing kragtens artikel 10 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf word—
- (a) elke Blankepersoon of Kleurlingpersoon wat op daardie datum in risikowerk by daardie myn of bedryf werksaam is en wat nie 'n geldende sertifikaat van geskiktheid besit nie, geneeskundig laat ondersoek; en
- (b) behoudens die bepalings van subartikel (3), aan so 'n persoon wat vry bevind word van 'n vergoedbare siekte of ten opsigte van wie daar bevind word dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly wat hom nie diskwalifiseer om 'n sertifikaat van geskiktheid te verkry nie, 'n sertifikaat van geskiktheid laat uitreik, ongeag of dié persoon voldoen aan die standaard van geskiktheid kragtens artikel 23 (5) bepaal, al dan nie.
- (2) 'n Sertifikaat van geskiktheid in subartikel (1) (b) bedoel, kan uitgereik word onderworpe aan enige beperking in artikel 23 (3) beoog.
- (3) Die direkteur kan die uitreiking van 'n sertifikaat van geskiktheid aan 'n in subartikel (1) bedoelde persoon weier indien sy gesondheid volgens die direkteur se oordeel sodanig is dat hy by die verrigting van sy werk sy eie gesondheid of veiligheid of die gesondheid of veiligheid van ander persone wat by die betrokke myn of bedryf werksaam is, in gevaar kan stel.
- (4) Indien die uitreiking van 'n sertifikaat van geskiktheid na 'n geneeskundige ondersoek van 'n persoon ingevolge subartikel (1), aan daardie persoon geweier word, moet die direkteur daardie persoon skriftelik in kennis stel van die redes vir die weiering.
- (5) Die direkteur moet so gou moontlik nadat 'n persoon ingevolge subartikel (1) geneeskundig ondersoek is, die eienaar van die betrokke myn of bedryf skriftelik in kennis stel van die bevinding by die ondersoek.

Geneeskundige ondersoek van Blanke of Kleurlingpersoon wanneer myn of bedryf beheerde myn of bedryf word.

25. (1) Elke Blankepersoon of Kleurlingpersoon wat risikowerk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig, moet geneeskundig ondersoek word met die tussenpose wat deur die Minister voorgeskryf word.
- (2) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan—
- (a) onderskeid maak tussen beheerde myne en beheerde bedrywe of tussen verskillende groepe, soorte of kategorieë van beheerde myne of beheerde bedrywe, of tussen verskillende werkplekke by beheerde myne of beheerde bedrywe, of tussen verskillende klasse, groepe of kategorieë van persone, of tussen verskillende beroepe by beheerde myne of beheerde bedrywe;
- (b) die aard van die ondersoek voorskryf wat by so 'n ondersoek uitgevoer moet word; en
- (c) die tydperk voorskryf wat 'n persoon wat vir die eerste keer 'n sertifikaat van geskiktheid verkry het, risikowerk by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf moet verrig het ten einde op die hernuwing van sy sertifikaat van geskiktheid geregtig te word.
- (3) Indien 'n persoon in subartikel (1) bedoel by 'n ondersoek ingevolge daardie subartikel vry bevind word van 'n vergoedbare siekte in die tweede graad soos in artikel 44 (2) bedoel, moet die direkteur, behoudens die bepalings van subartikels (4) en (5) van hierdie artikel, daardie persoon se sertifikaat van geskiktheid laat hernieu vir die tydperk wat die direkteur bepaal maar wat die voorgeskrewe tydperk nie te bowe gaan nie.
- (4) 'n Sertifikaat van geskiktheid kan kragtens subartikel (3) van hierdie artikel hernieu word onderworpe aan enige beperking in artikel 23 (3) beoog.
- (5) Die direkteur kan die hernuwing van die sertifikaat van geskiktheid van 'n in subartikel (1) bedoelde persoon weier, en kan bedoelde sertifikaat intrek, indien sy gesondheid volgens die direkteur se oordeel sodanig is dat hy by die verrigting van sy

Periodieke geneeskundige ondersoek vir hernuwing van sertifikaat van geskiktheid.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

director such that he may in the performance of his work endanger his own health or safety or the health or safety of other persons employed at the mine or works in question.

(6) The decision of the director in regard to the renewal of a certificate of fitness shall be final, but where the renewal of a certificate of fitness has been refused under this section, the director shall immediately cause the reasons for the refusal to be communicated in writing to the person concerned and a copy of such communication to be sent to the owner of the mine or works where that person is employed.

Interim examination of holder of certificate of fitness.

26. (1) Whenever the director has reason to suspect—

- (a) that the health of the holder of a certificate of fitness has deteriorated substantially since his last medical examination; or
- (b) that the holder of a certificate of fitness is performing work which he is not in terms of that certificate permitted to perform; or
- (c) that the holder of a certificate of fitness is not complying with a restriction subject to which his certificate has been issued or renewed; or
- (d) that the health of the holder of a certificate of fitness is such that the performance by him of risk work at a controlled mine or controlled works is likely to endanger his own health or safety or the health or safety of other workers,

the director shall, by notice in writing to the holder concerned, declare his certificate of fitness to be cancelled, and direct him—

- (i) to surrender such certificate to a person and at a time and place specified in such notice; and
- (ii) to report at a time and place so specified, in order to undergo a medical examination.

(2) A copy of such notice shall forthwith be sent to the owner of the mine or works where the holder concerned is employed.

Procedure where presence of compensatable disease is suspected.

27. (1) The director shall within fourteen days after a medical examination of the holder of a certificate of fitness—

- (a) who has not previously been found to be suffering from a compensatable disease and who is considered or suspected to be suffering from such a disease; or
- (b) who has previously been found to be suffering from a compensatable disease and who is considered or suspected to be suffering from a more advanced degree of the disease in question,

submit to the certification committee a full report on the result of the examination.

(2) Subject to the provisions of subsection (3), the director shall not issue a certificate of fitness to a person referred to in subsection (1) until the certification committee has determined whether or not he is suffering from a compensatable disease, and, if he is suffering or has previously been found to be suffering from a compensatable disease, the degree of that disease.

(3) The director may issue to a person referred to in subsection (1)—

- (a) who is not considered or suspected to be suffering from tuberculosis or any other infectious disease; or
- (b) who is considered or suspected to be suffering from tuberculosis which in the opinion of the director is non-infectious and is not likely to become infectious; and
- (c) who is considered to be fit to perform risk work at a controlled mine or a controlled works,

a temporary certificate of fitness which shall be valid for a period not exceeding sixty days to be specified therein, in order

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

werk sy eie gesondheid of veiligheid of die gesondheid of veiligheid van ander persone wat by die betrokke myn of bedryf werksaam is, in gevaar kan stel.

(6) Die beslissing van die direkteur aangaande die hernuwing van 'n sertifikaat van geskiktheid is afdoende, maar waar die hernuwing van 'n sertifikaat van geskiktheid kragtens hierdie artikel geweier is, moet die direkteur onverwyld die redes vir die weiering skriftelik aan die betrokke persoon laat meedeel en 'n afskrif van die mededeling laat stuur aan die eienaar van die myn of bedryf waar daardie persoon werksaam is.

26. (1) Wanneer die direkteur rede het om te vermoed—
- (a) dat die gesondheid van die houer van 'n sertifikaat van geskiktheid sedert sy laaste geneeskundige ondersoek wesentlik versleg het; of
 - (b) dat die houer van 'n sertifikaat van geskiktheid werk verrig wat hy nie volgens daardie sertifikaat toegelaat is om te verrig nie; of
 - (c) dat die houer van 'n sertifikaat van geskiktheid 'n beperking onderworpe waaraan sy sertifikaat uitgereik of hernieu is, nie nakom nie; of
 - (d) dat die gesondheid van die houer van 'n sertifikaat van geskiktheid sodanig is dat die verrigting deur hom van risikowerk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf waarskynlik sy eie gesondheid of veiligheid of die gesondheid of veiligheid van ander werkers in gevaar sal stel,

Tussentydse ondersoek van houer van sertifikaat van geskiktheid.

moet die direkteur by skriftelike kennisgewing aan die betrokke houer, sy sertifikaat van geskiktheid as ingetrek verklaar, en hom aansê—

- (i) om bedoelde sertifikaat by 'n persoon en op 'n tyd en plek in die kennisgewing vermeld, in te lewer; en
 - (ii) om hom op 'n aldus vermelde tyd en plek aan te meld ten einde 'n mediese ondersoek te ondergaan.
- (2) 'n Afskrif van sodanige kennisgewing moet onverwyld aan die eienaar van die myn of bedryf waar die betrokke houer werksaam is, gestuur word.

27. (1) Die direkteur moet binne veertien dae na 'n geneeskundige ondersoek van die houer van 'n sertifikaat van geskiktheid—

Prosedure waar aanwesigheid van vergoedbare siekte vermoed word.

- (a) ten opsigte van wie daar nie voorheen bevind is dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly nie en wat na gemeen of vermoed word aan so 'n siekte ly; of
- (b) ten opsigte van wie voorheen bevind is dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly en wat na gemeen of vermoed word aan 'n meer gevorderde graad van die betrokke siekte ly,

'n volledige verslag oor die uitslag van die ondersoek aan die sertifiseringskomitee voorlê.

(2) Behoudens die bepalinge van subartikel (3), reik die direkteur nie 'n sertifikaat van geskiktheid aan 'n in subartikel (1) bedoelde persoon uit nie voordat die sertifiseringskomitee bepaal het of hy aan 'n vergoedbare siekte ly al dan nie en, indien bevind word of voorheen bevind is dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly, wat die graad van dié siekte is.

(3) Die direkteur kan aan 'n in subartikel (1) bedoelde persoon—

- (a) wat nie na gemeen of vermoed word aan tuberkulose of 'n ander aansteeklike siekte ly nie; of
- (b) wat na gemeen of vermoed word aan tuberkulose ly wat volgens die direkteur se oordeel nie aansteeklik is nie en waarskynlik nie aansteeklik sal word nie; en
- (c) wat geskik geag word om risikowerk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf te verrig,

'n tydelike sertifikaat van geskiktheid uitreik wat geldig is vir die tydperk van hoogstens sestig dae wat daarin vermeld moet

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

to enable that person to continue working until the decision of the certification committee is made known.

- (4) If the certification committee finds the person concerned—
- (a) to be free from a compensatable disease; or
 - (b) to be suffering from a compensatable disease which does not disqualify him from obtaining a certificate of fitness,

the director shall forthwith issue a certificate of fitness to that person.

(5) A certificate of fitness may be issued under subsection (4) of this section subject to any restriction contemplated in section 23 (3).

Procedure where certificate of fitness has lapsed.

28. (1) The director shall on application by any person whose certificate of fitness has lapsed, issue to such person a fresh certificate of fitness if after examination it appears—

- (a) that he is not suffering from a compensatable disease and that his health is such that he is fit to perform risk work at a controlled mine or a controlled works; or
- (b) that he is suffering from a compensatable disease which does not disqualify him from obtaining a certificate of fitness and that his health otherwise is such that he is fit to perform risk work at a controlled mine or a controlled works.

(2) The director may issue a certificate of fitness under this section subject to any restriction contemplated in section 23 (3).

Limited certificate of fitness.

29. (1) On application by any White person or Coloured person, including any such person in the service of the State, who is not in possession of a current certificate of fitness and whose work or duties require him from time to time to perform risk work, or be in or at places where risk work is performed, at any controlled mine or controlled works for periods not exceeding in the aggregate four hours on any one day, the director shall cause the applicant to be medically examined.

(2) If after an examination in terms of subsection (1) of a person referred to in that subsection, he is found—

- (a) not to be suffering from a compensatable disease, or to be suffering from a compensatable disease which does not disqualify him from obtaining a certificate of fitness; and
- (b) to be fit to perform the work which he is from time to time required to perform, without endangering his own health or safety or the health or safety of other workers,

the director shall issue to him a certificate of fitness which shall be valid for such period not exceeding one year as the director may determine, and which may be restricted in any manner the director deems fit.

(3) The director may at any time by notice in writing to the holder of a certificate of fitness issued under subsection (2), cancel such certificate and require such holder to report at a time and place determined by the director and stated in the notice, for the purpose of undergoing a medical examination.

(4) The director shall cause a copy of a notice under subsection (3) to be sent forthwith to the owner of the mine or works in question and to the employer of the person concerned, or, if he is in the service of the State, to the head of the department in which he is employed.

Restrictions on issue of certificate of fitness in certain cases.

30. (1) Subject to the provisions of section 27 (3) and subsection (3) of this section, no certificate of fitness shall at any time be issued to any person—

- (a) who according to a finding of the certification committee, is suffering from—

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

word, ten einde daardie persoon in staat te stel om aan te hou werk totdat die beslissing van die sertifiseringskomitee bekend gemaak word.

(4) Indien die sertifiseringskomitee bevind dat die betrokke persoon—

(a) vry is van 'n vergoedbare siekte; of

(b) aan 'n vergoedbare siekte ly wat hom nie diskwalifiseer om 'n sertifikaat van geskiktheid te verkry nie,

reik die direkteur onverwyld aan daardie persoon 'n sertifikaat van geskiktheid uit.

(5) 'n Sertifikaat van geskiktheid kan kragtens subartikel (4) van hierdie artikel uitgereik word onderworpe aan enige beperking in artikel 23 (3) beoog.

28. (1) Die direkteur moet op aansoek deur iemand wie se sertifikaat van geskiktheid verval het, aan daardie persoon 'n nuwe sertifikaat van geskiktheid uitreik, indien dit na ondersoek blyk—

Prosedure waar
sertifikaat van
geskiktheid
verval het.

(a) dat hy nie aan 'n vergoedbare siekte ly nie en dat sy gesondheid sodanig is dat hy geskik is om risikowerk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf te verrig; of

(b) dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly wat hom nie diskwalifiseer om 'n sertifikaat van geskiktheid te verkry nie en dat sy gesondheid andersins sodanig is dat hy geskik is om risikowerk by 'n beheerde myn of beheerde bedryf te verrig.

(2) Die direkteur kan 'n sertifikaat van geskiktheid ingevolge hierdie artikel uitreik onderworpe aan enige beperking in artikel 23 (3) beoog.

29. (1) Op aansoek deur 'n Blankepersoon of Kleurlingpersoon, met inbegrip van so 'n persoon in diens van die Staat, wat nie 'n geldende sertifikaat van geskiktheid besit nie en wie se werk of pligte van tyd tot tyd vereis dat hy vir tydperke van gesamentlik hoogstens vier uur op enige dag by 'n beheerde myn of beheerde bedryf risikowerk moet verrig of in of op plekke moet verkeer waar risikowerk verrig word, moet die direkteur die applikant geneeskundig laat ondersoek.

Beperkte
sertifikaat van
geskiktheid.

(2) Indien daar na 'n ondersoek ingevolge subartikel (1) van 'n persoon in daardie subartikel bedoel, bevind word dat hy—

(a) nie aan 'n vergoedbare siekte ly nie of aan 'n vergoedbare siekte ly wat hom nie diskwalifiseer om 'n sertifikaat van geskiktheid te verkry nie; en

(b) geskik is om die werk te verrig wat hy van tyd tot tyd moet verrig, sonder om sy eie gesondheid of veiligheid of die gesondheid of veiligheid van ander werkers in gevaar te stel,

reik die direkteur aan hom 'n sertifikaat van geskiktheid uit wat geldig is vir die tydperk van hoogstens een jaar wat die direkteur bepaal, en wat beperk kan word op enige wyse wat die direkteur goedvind.

(3) Die direkteur kan 'n sertifikaat van geskiktheid uitgereik ingevolge subartikel (2) te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan die houer daarvan intrek en dié houer aansê om hom op 'n tyd en plek deur die direkteur bepaal en in die kennisgewing genoem, aan te meld ten einde 'n geneeskundige ondersoek te ondergaan.

(4) Die direkteur laat 'n afskrif van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (3) onverwyld stuur aan die eenaar van die betrokke myn of bedryf en aan die werkgewer van die betrokke persoon, of, indien die betrokke persoon in diens van die Staat is, aan die hoof van die departement waarin hy werksaam is.

30. (1) Behoudens die bepalings van artikel 27 (3) en subartikel (3) van hierdie artikel, word geen sertifikaat van geskiktheid te eniger tyd aan iemand uitgereik nie—

Beperkings op
uitreiking van
sertifikaat van
geskiktheid in
sekere gevalle.

(a) wat volgens 'n bevinding van die sertifiseringskomitee

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

- (i) tuberculosis; or
- (ii) tuberculosis and pneumoconiosis; or
- (iii) any compensatable disease in the second degree within the meaning of section 44; or
- (b) who, in the opinion of the director, is suffering from an infectious disease and has not been completely cured of such disease.

(2) A finding expressed under the provisions of the previous Act and by virtue of which a benefit was awarded to any person, shall for the purposes of subsection (1) be deemed—

- (a) in the case of such a finding of pneumoconiosis which impaired the cardio-respiratory functions of the person concerned by not less than twenty per cent but by not more than fifty per cent, not to be a finding of a compensatable disease in the second degree;
- (b) in the case of such a finding of pneumoconiosis which impaired the cardio-respiratory functions of the person concerned by more than fifty per cent, to be a finding of a compensatable disease in the second degree;
- (c) in the case of such a finding of pneumoconiosis and tuberculosis, to be a finding of a compensatable disease in the second degree; and
- (d) in the case of such a finding of tuberculosis, to be a finding of tuberculosis.

(3) If the certification committee is satisfied that any White male or Coloured male who has been found by that committee to be suffering from tuberculosis, has received treatment for tuberculosis and that the disease has been completely cured, the director may issue to such person a certificate of fitness restricting the holder thereof to the performance, at a controlled mine or a controlled works, of work of a nature and at a place specified in the certificate, and for a period or periods so specified but not exceeding in the aggregate one hundred hours in any period of thirty days.

(4) The director—

- (a) may issue a certificate of fitness referred to in subsection (3) subject to such other restrictions as he may consider necessary in addition to the restrictions contemplated in that subsection;
- (b) may at any time cancel such a certificate by written notice to the holder thereof;
- (c) shall cause a copy of any notice under paragraph (b) to be sent without delay to the owner of any controlled mine or controlled works where the said holder is employed.

Director may require certain persons to undergo medical examination.

31. (1) The director may by notice in writing require—

- (a) any White person or Coloured person who performs any work other than risk work at a controlled mine or a controlled works; or
- (b) any person who is employed at a mine or works which is not a controlled mine or a controlled works, to report at a time and place, or from time to time at the times and places, determined by the director and specified in the notice, for the purpose of being medically examined.

(2) A copy of any notice under subsection (1) shall be sent to the owner of the mine or works where the person to whom the notice is directed is employed.

Application for medical examination for compensatable disease.

32. (1) Any person who works or has worked at a mine or works, or any other person acting on behalf of such a person, may at any time apply to the director for a medical examination of such person for the purpose of determining whether such person is suffering from a compensatable disease; or, if he has previously been found to be suffering from such a disease, the degree of such disease.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

- (i) tuberkulose; of
 - (ii) tuberkulose en pneumokoniose; of
 - (iii) 'n vergoedbare siekte in die tweede graad soos bedoel in artikel 44 (2); of
- (b) wat volgens die direkteur se oordeel aan 'n aansteeklike siekte ly en nie volkome van daardie siekte genees is nie.
- (2) 'n Bevinding wat ingevolge die bepalings van die vorige Wet uitgespreek is en op grond waarvan 'n voordeel aan iemand toegeken is, word by die toepassing van subartikel (1)—

- (a) in die geval van so 'n bevinding van pneumokoniose wat die kardiorespiratoriese funksies van die betrokke persoon minstens twintig persent maar hoogstens vyftig persent belemmer het, geag nie 'n bevinding van 'n vergoedbare siekte in die tweede graad te wees nie;
- (b) in die geval van so 'n bevinding van pneumokoniose wat die kardiorespiratoriese funksies van die betrokke persoon meer as vyftig persent belemmer het, geag 'n bevinding van 'n vergoedbare siekte in die tweede graad te wees;
- (c) in die geval van so 'n bevinding van pneumokoniose en tuberkulose, geag 'n bevinding van 'n vergoedbare siekte in die tweede graad te wees;
- (d) in die geval van so 'n bevinding van tuberkulose, geag 'n bevinding van tuberkulose te wees.

(3) Indien die sertifiseringskomitee oortuig is dat 'n Blanke man of Kleurlingman ten opsigte van wie dié komitee bevind het dat hy aan tuberkulose ly, behandeling vir tuberkulose ondergaan het en dat die siekte volkome genees is, kan die direkteur aan bedoelde persoon 'n sertifikaat van geskiktheid uitreik wat die houër beperk tot die verrigting by 'n beheerde myn of beheerde bedryf van werk van 'n aard of by 'n plek in die sertifikaat vermeld en vir 'n tydperk of tydperke aldus vermeld maar in die geheel nie meer as honderd uur in enige tydperk van dertig dae nie.

(4) Die direkteur—

- (a) kan 'n sertifikaat van geskiktheid in subartikel (3) bedoel, uitreik onderworpe aan die ander beperkings wat hy nodig ag benewens die beperkings in daardie subartikel beoog;
- (b) kan so 'n sertifikaat te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan die houër daarvan intrek;
- (c) moet 'n afskrif van 'n kennisgewing ingevolge paragraaf (b), onverwyld laat stuur aan die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf waar die genoemde houër werksaam is.

31. (1) Die direkteur kan—

- (a) 'n Blankepersoon of Kleurlingpersoon wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf ander werk as risikowerk verrig; of
- (b) 'n persoon wat by 'n myn of bedryf werksaam is wat nie 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is nie,

Direkteur kan sekere persone aansê om geneeskundige ondersoek te ondergaan.

by skriftelike kennisgewing aansê om hom op 'n tyd en plek, of van tyd tot tyd op die tye en plekke, deur die direkteur bepaal en in die kennisgewing genoem, aan te meld ten einde geneeskundig ondersoek te word.

(2) 'n Afskrif van 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) moet aan die eienaar van die myn of bedryf gestuur word waar die persoon aan wie die kennisgewing gerig is, werksaam is.

32. (1) Iemand wat by 'n myn of bedryf werk of gewerk het, of 'n ander persoon wat ten behoeve van so iemand optree, kan te eniger tyd by die direkteur aansoek doen om 'n geneeskundige ondersoek van so iemand ten einde te bepaal of hy aan 'n vergoedbare siekte ly, of, indien daar reeds voorheen bevind is dat hy aan so 'n siekte ly, om die graad van daardie siekte te bepaal.

Aansoek om geneeskundige ondersoek vir vergoedbare siekte.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

(2) Upon receipt of such application, the director shall, subject to the provisions of subsection (3)—

- (a) cause the person concerned to be medically examined as soon as possible;
- (b) submit to the certification committee a detailed report on the condition of the health of that person; and
- (c) cause such further examinations, tests and observations to be carried out as the director may deem necessary or as the certification committee may require.

(3) The director may in his discretion refuse such application if the person concerned was medically examined under this Act within the period of six months immediately preceding the date on which such application is received, unless the application is supported in writing by a medical practitioner.

Report by medical practitioner on person who has worked at mine or works.

33. (1) Whenever a medical practitioner in the Republic considers or suspects that any person medically examined or treated by him, who has to his knowledge worked at a mine or works, or who he believes on reasonable grounds to have so worked, is suffering from a compensatable disease, such practitioner shall forthwith communicate to the director his findings at the examination, and shall on demand by the director furnish such further information at his disposal in regard to the examination or the health of such person as the director may require.

(2) The director may in writing direct a medical practitioner who has communicated his findings at the examination of any person to the director as contemplated in subsection (1), to perform, with the consent of the person concerned, a further medical examination of that person or such an examination of a nature determined by the director, and a medical practitioner so directed who has performed an examination in accordance with the direction, shall forthwith submit to the director a detailed report on the result of the examination.

Duties of medical practitioner in regard to post-mortem examination or service.

34. (1) The director may authorize or in writing direct any medical practitioner in the Republic to perform a post-mortem examination or other post-mortem service under this Act of a nature determined by the director, and a medical practitioner so authorized or directed who has performed a post-mortem examination or other post-mortem service in accordance with such authorization or direction, shall forthwith submit to the director a detailed report on the result of the examination or service performed by him.

(2) A medical practitioner in the Republic who attended a deceased person at the time of or immediately before his death, or has opened the body of a deceased person, and who knows or has reason to believe that such person worked at a mine or works, shall remove the cardio-respiratory organs and any other prescribed organs or parts of the body of the deceased and shall send such organs and parts of the body to the prescribed place or, if no place has been prescribed, to the bureau or to any other place specified by the director, in accordance with the prescribed procedure or, if no procedure has been prescribed, in accordance with such instructions as may be issued by the director.

(3) Notwithstanding anything contained in subsection (1) or (2), a medical practitioner shall not perform a post-mortem examination on any deceased person or remove his cardio-respiratory organs or any other organs or parts of his body, without the consent of his widow (if any) or an adult near relative of the deceased, if the widow or such a relative can readily be consulted.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

(2) By ontvangs van sodanige aansoek moet die direkteur, behoudens die bepalings van subartikel (3)—

- (a) die betrokke persoon so gou moontlik geneeskundig laat ondersoek;
- (b) aan die sertifiseringskomitee 'n uitvoerige verslag oor die gesondheidstoestand van daardie persoon verstrek; en
- (c) die verdere ondersoeke, toetse en waarnemings laat uitvoer wat die direkteur nodig ag of wat die sertifiseringskomitee verlang.

(3) Die direkteur kan sodanige aansoek na goeddunke van die hand wys indien die betrokke persoon ingevolge hierdie Wet geneeskundig ondersoek is gedurende die tydperk van ses maande onmiddellik voor die datum waarop sodanige aansoek ontvang word, tensy die aansoek skriftelik deur 'n geneesheer ondersteun word.

33. (1) Wanneer 'n geneesheer in die Republiek meen of vermoed dat iemand wat hy geneeskundig ondersoek of behandel het en wat na sy wete by 'n myn of 'n bedryf gewerk het, of wat na hy op redelike gronde vermoed aldus gewerk het, aan 'n vergoedbare siekte ly, moet dié geneesheer onverwyld sy bevindings by die ondersoek aan die direkteur meedeel, en moet hy op aanvraag deur die direkteur die verdere inligting tot sy beskikking in verband met die ondersoek of die gesondheidstoestand van bedoelde persoon verstrek wat die direkteur vereis.

Verslag deur geneesheer oor persoon wat by myn of bedryf gewerk het.

(2) Die direkteur kan 'n geneesheer wat sy bevindings by die ondersoek van 'n persoon aan die direkteur meegedeel het soos in subartikel (1) beoog, skriftelik gelas om met die toestemming van die betrokke persoon 'n verdere geneeskundige ondersoek van daardie persoon, of so 'n ondersoek van 'n aard deur die direkteur bepaal, uit te voer, en 'n geneesheer wat aldus gelas is en wat 'n ondersoek ooreenkomstig die lasgewing uitgevoer het, moet onverwyld 'n uitvoerige verslag oor die uitslag van die ondersoek aan die direkteur stuur.

34. (1) Die direkteur kan 'n geneesheer in die Republiek magtig of skriftelik gelas om 'n nadoodse ondersoek of ander nadoodse diens ingevolge hierdie Wet van 'n aard deur die direkteur bepaal, uit te voer of te verrig, en 'n geneesheer wat aldus gemagtig of gelas is en wat 'n nadoodse ondersoek of ander nadoodse diens ooreenkomstig die magtiging of lasgewing uitgevoer of verrig het, moet onverwyld aan die direkteur 'n uitvoerige verslag stuur oor die uitslag van die ondersoek wat hy uitgevoer of diens wat hy verrig het.

Pligte van geneesheer ten aansien van nadoodse ondersoek of diens.

(2) 'n Geneesheer in die Republiek wat 'n oorlede persoon ten tyde van of onmiddellik voor sy dood behandel het, of die lyk van 'n oorlede persoon geopen het, en wat weet of rede het om te vermoed dat bedoelde persoon by 'n myn of 'n bedryf gewerk het, moet die kardiopulmonêre organe en enige ander voorgeskrewe organe of liggaamsdele van die oorledene verwyder en daardie organe en liggaamsdele na die voorgeskrewe plek of, indien geen plek voorgeskryf is nie, aan die buro of na 'n ander plek deur die direkteur aangewys, stuur ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure of, indien geen prosedure voorgeskryf is nie, ooreenkomstig die opdragte wat die direkteur gee.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (1) of (2), mag 'n geneesheer nie 'n nadoodse ondersoek op 'n oorlede persoon uitvoer of sy kardiopulmonêre of ander organe of liggaamsdele verwyder nie, behalwe met toestemming van sy weduwee (as daar een is) of 'n volwasse naverwant van die oorledene indien die weduwee of so 'n naverwant geredelik geraadpleeg kan word.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

Arrangements for post-mortem examinations and services.

35. The Minister may with the concurrence of the Minister of Finance enter into such agreement or make such other arrangements with any institution, hospital or organization as the Minister may consider necessary for the performance of any post-mortem examinations or post-mortem services required under this Act.

Cost of medical examinations.

36. (1) Subject to the provisions of subsection (3), the cost of any medical examination under this Act of any White male or Coloured male who works or has worked at a controlled mine or a controlled works, or at a mine or works in respect of which the Minister has under section 12 applied any provision of this Act, and the cost incurred to keep such person under observation in accordance with any provision of this Act, shall be paid by the secretary from moneys appropriated by Parliament for that purpose.

(2) An owner of a controlled mine or a controlled works who employs a female on risk work in terms of any authorization granted to him under section 14, shall be responsible for all medical examinations of such person under this Act, except a medical examination under section 32, and the cost of such examinations shall be paid by the owner concerned.

(3) An owner of a controlled mine or a controlled works shall bear the cost of any medical examination, for the purposes of this Act, of a White person or Coloured person in his service or whom he intends to employ, if such owner causes such examination to be performed by a medical practitioner in the service of such owner, under any arrangement made with the director with a view to obviating the necessity of such person absenting himself from duty or from the mine or works for the purpose of the examination: Provided that, if such examination has been performed to the satisfaction of the director and in accordance with his requirements, and the director thereafter desires any further examination or test in respect of the person concerned, the cost of such further examination or test shall be paid from moneys appropriated by Parliament for that purpose.

Medical practitioner and a person examined entitled to fee or costs under certain circumstances.

37. (1) If a medical practitioner who is not in the full-time service of the State or of an institution of which the maintenance costs are defrayed wholly from State funds or of an owner of a controlled mine or a controlled works—

- (a) has in terms of an authorization, request or direction by the director performed any medical or post-mortem examination or other post-mortem service under this Act; or
- (b) has removed the cardio-respiratory or other organs or parts of the body of a deceased person in terms of section 34 (2) to the satisfaction of the director;

he shall be entitled to payment, from moneys appropriated by Parliament for that purpose, of—

- (i) any cost reasonably and necessarily incurred by him in order to perform such examination or service; and
- (ii) the fee determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance; or
- (iii) in the case of an examination or service performed elsewhere than in the Republic, the fee determined by agreement between the director and the medical practitioner concerned or the authority (if any) with which arrangements were made for the performance of the examination or service in question.

(2) If any person—

- (a) who is in possession of a current certificate of fitness and who is employed at a controlled mine or a controlled works; or

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

35. Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Finansies, met 'n inrigting, hospitaal of organisasie die ooreenkoms aangaan of die ander reëlings tref wat die Minister nodig ag vir die uitvoering van nadoodse ondersoeke of die verrigting van nadoodse dienste wat ingevolge hierdie Wet vereis word.

Reëlings vir na-doodse ondersoeke en dienste.

36. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (3), word die koste van 'n geneeskundige ondersoek ingevolge hierdie Wet van 'n Blankeman of Kleurlingman wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf of by 'n myn of bedryf ten opsigte waarvan die Minister kragtens artikel 12 'n bepaling van hierdie Wet van toepassing gemaak het, werk of gewerk het, en die koste aangegaan ten einde so 'n persoon ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Wet onder waarneming te hou, deur die sekretaris betaal uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig.

Koste van geneeskundige ondersoeke.

(2) 'n Eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf wat 'n vrouspersoon in risikowerk in diens stel ingevolge 'n magtiging kragtens artikel 14 aan hom verleen, is aanspreeklik vir alle geneeskundige ondersoeke van daardie persoon ingevolge hierdie Wet, behalwe 'n ondersoek ingevolge artikel 32, en die koste van sodanige ondersoeke word deur die betrokke eienaar betaal.

(3) 'n Eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf dra die koste van 'n mediese ondersoek, vir die doeleindes van hierdie Wet, van 'n Blankepersoon of Kleurlingpersoon in sy diens of wat hy voornemens is om in diens te neem, indien bedoelde eienaar sodanige ondersoek deur 'n geneesheer in bedoelde eienaar se diens laat uitvoer, kragtens 'n reëling met die direkteur getref met die oog daarop om sodanige persoon se afwesigheid uit diens of van die myn of bedryf vir die doel van die ondersoek onnodig te maak: Met dien verstande dat, indien sodanige ondersoek ten genoë van die direkteur en volgens sy vereistes uitgevoer is, en die direkteur daarna 'n verdere ondersoek of toets ten opsigte van die betrokke persoon verlang, die koste van sodanige verdere ondersoek of toets betaal moet word uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig.

37. (1) Indien 'n geneesheer wat nie in die voltydse diens van die Staat of van 'n inrigting waarvan die instandhoudingskoste geheel en al uit Staatsfondse bestry word of van 'n eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf is nie—

Geneesheer en 'n persoon wat ondersoek is, in sekere omstandighede op beloning of koste geregtig.

- (a) kragtens 'n magtiging, versoek of aansegging deur die direkteur 'n geneeskundige of nadoodse ondersoek of ander nadoodse diens ingevolge hierdie Wet uitgevoer of verrig het; of
- (b) die kardiopulmonêre of ander organe of liggaamsdele van 'n oorlede persoon ingevolge die bepalings van artikel 34 (2) tot bevrediging van die direkteur verwyder het,

is hy geregtig op betaling, uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, van—

- (i) koste redelikerwys en noodsaaklikerwys deur hom aangegaan ten einde bedoelde ondersoek of diens uit te voer of te verrig; en
- (ii) die beloning wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal het; of
- (iii) in die geval van 'n ondersoek of diens wat elders as in die Republiek uitgevoer of verrig is, die beloning wat by ooreenkoms bepaal is tussen die direkteur en die betrokke geneesheer of die owerheid (indien daar een is) waarmee reëlings vir die uitvoering of verrigting van die betrokke ondersoek of diens getref is.

(2) Indien iemand—

- (a) wat 'n geldende sertifikaat van geskiktheid besit en wat by 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf werk; of

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

- (b) who is not in possession of a current certificate of fitness and who performs any work other than risk work at a controlled mine or controlled works or is employed at a mine or works on the date on which it becomes a controlled mine or a controlled works by virtue of a notice under section 10,

necessarily incurs any costs, or necessarily absents himself from the service of the owner of the mine or works in question, in order to have his certificate of fitness renewed or to obtain a certificate of fitness in terms of any requirement of this Act or to undergo a medical examination pursuant to a direction by the director—

- (i) the director shall, subject to such conditions as the Minister may determine in consultation with the Minister of Finance, repay the said costs to that person from moneys appropriated by Parliament for that purpose;
- (ii) the said owner shall pay to that person his normal remuneration in respect of the period for which he so absents himself from the owner's service but not exceeding three days.

(3) Where an application under section 28 for the medical examination of any person has been granted, such person shall be entitled to repayment, from moneys appropriated by Parliament for that purpose, and in accordance with a scale prescribed by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance, of costs incurred by him in order to undergo such examination—

- (e) indien dit 'n bevinding van tuberkulose is, aan die plaaslike owerheid in wie se gebied die persoon op wie die sertifikaat betrekking het, hom bevind.

(2) Die voorsitter van die sertifiseringskomitee moet 'n register van alle bevindings van dié komitee hou.

49. (1) 'n Bevinding van die sertifiseringskomitee word, behalwe sover hierdie Wet anders bepaal, geag uitgespreek te gewees het—

Geldingsdatum van bevinding van sertifiseringskomitee.

- (a) waar dit heeltemal of gedeeltelik op 'n geneeskundige ondersoek of twee of meer geneeskundige ondersoeke van die betrokke persoon gegrond is, op die datum waarop daardie ondersoek of die eerste van daardie ondersoeke begin het;
- (b) waar dit heeltemal of gedeeltelik op 'n nadoodse ondersoek gegrond is, op die datum waarop die betrokke persoon oorlede is;
- (c) waar dit heeltemal of gedeeltelik gegrond is op 'n geneeskundige ondersoek of twee of meer geneeskundige ondersoeke van die betrokke persoon wat uitgevoer is of begin het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, op die datum waarop daardie ondersoek of die eerste van daardie ondersoeke begin het.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

...disease or, as the case may be, was suffering from such a disease at the time of his death, and, if so, the nature and degree of the disease;

- (b) in the case of a person who has previously been found by the certification committee to be suffering from a compensatable disease, the degree of the disease.

Certification committee may reconsider and alter own finding.

47. (1) The certification committee may, when it has expressed a finding under the provisions of this Act, of its own motion or on application by the person to whom such finding relates, or on application by any other person acting on behalf of that person or any organization so acting, or, in the case of a deceased person, on application by the dependants of such person or by any other person acting on behalf of such dependants or any organization so acting, at any time reconsider and, subject to the provisions of subsection (2), alter such finding or rescind it and express a fresh finding in its place.

(2) The certification committee may not alter or rescind any finding by virtue of which any benefit has been awarded to any person, irrespective of whether such finding was expressed before or after the commencement of this Act.

(3) Where a finding is altered or is rescinded and a fresh finding is expressed in its place under subsection (1), such altered or fresh finding shall be deemed to have been expressed on the date on which the original finding was expressed.

Notice of finding of certification committee.

48. (1) Whenever the certification committee has expressed a finding in accordance with the provisions of this Act, the chairman or a person authorized thereto in writing by him, shall issue a certificate in the prescribed form setting out such finding and containing such information as may be necessary for the purposes of this Act, and shall within ten days as from the date on which the finding was expressed, cause copies of such certificate to be sent—

- (a) to the commissioner;
- (b) if the person to whom the certificate relates is still employed at a mine or works, to the owner of such mine or works;
- (c) if the certificate relates to any person other than a Bantu person, to the person to whom it relates, or if it relates to a deceased person, to the dependants, if any, of the deceased;
- (d) if the certificate relates to a Bantu person, to the Bantu affairs authority; and
- (e) if it is a finding of tuberculosis, to the local authority in whose area the person is to whom the certificate relates.

(2) The chairman of the certification committee shall keep a register of all the findings of that committee.

Effective date of finding of certification committee.

49. (1) A finding of the certification committee shall, save as is otherwise provided in this Act, be deemed to have been expressed—

- (a) where it is based wholly or partly on a medical examination or two or more medical examinations of the person concerned, on the date on which such examination or the first of such examinations commenced;
- (b) where it is based wholly or partly on a post-mortem examination, on the date on which the person concerned died;
- (c) where it is based wholly or partly on a medical examination or two or more medical examinations of the person concerned carried out or commenced before the commencement of this Act, on the date on which such examination or the first of such examinations commenced.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

dood aan so 'n siekte gely het, en, indien wel, die aard en graad van die siekte;

- (b) in die geval van 'n persoon ten opsigte van wie die sertifiseringskomitee voorheen bevind het dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly, die graad van die siekte.

47. (1) Die sertifiseringskomitee kan, wanneer hy 'n bevinding ingevolge die bepalings van hierdie Wet uitgespreek het, uit eie beweging of op aansoek deur die persoon op wie die bevinding betrekking het, of op aansoek deur 'n ander persoon wat ten behoeve van daardie persoon optree of 'n organisasie wat aldus optree, of, in die geval van 'n oorlede persoon, op aansoek deur die afhanklikes van daardie persoon of 'n ander persoon wat ten behoeve van dié afhanklikes optree of 'n organisasie wat aldus optree, te eniger tyd daardie bevinding heroorweeg en, behoudens die bepalings van subartikel (2), wysig of dit intrek en 'n nuwe bevinding in die plek daarvan uitspreek.

Sertifiseringskomitee kan eie bevinding heroorweeg en wysig.

(2) Die sertifiseringskomitee kan nie 'n bevinding op grond waarvan 'n vóórdeél aan iemand toegeken is, wysig of intrek nie, ongeag of bedoelde bevinding voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgespreek is.

(3) Waar 'n bevinding ingevolge subartikel (1) gewysig word of ingetrek en 'n nuwe bevinding in die plek daarvan gestel word, word die gewysigde of nuwe bevinding geag uitgespreek te gewees het op die datum waarop die oorspronklike bevinding uitgespreek is.

48. (1) Wanneer die sertifiseringskomitee 'n bevinding ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet uitgespreek het, reik die voorsitter of 'n persoon wat hy skriftelik daartoe gemagtig het, 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uit wat die bevinding uiteensit en die inligting bevat wat vir die doeleindes van hierdie Wet nodig is, en laat hy binne tien dae vanaf die datum waarop die bevinding uitgespreek is, afskrifte van bedoelde sertifikaat stuur—

Kennisgewing van bevinding van sertifiseringskomitee.

- (a) aan die kommissaris;
- (b) indien die persoon op wie die sertifikaat betrekking het nog by 'n myn of bedryf werksaam is, aan die eienaar van daardie myn of bedryf;
- (c) indien die sertifikaat op iemand anders as 'n Bantoe persoon betrekking het, aan die persoon op wie dit betrekking het, of indien dit op 'n oorlede persoon betrekking het, aan die afhanklikes, as daar is, van die oorledene;
- (d) indien dit op 'n Bantoe persoon betrekking het, aan die Bantoesake-owerheid; en
- (e) indien dit 'n bevinding van tuberkulose is, aan die plaaslike owerheid in wie se gebied die persoon op wie die sertifikaat betrekking het, hom bevind.

(2) Die voorsitter van die sertifiseringskomitee moet 'n register van alle bevindings van dié komitee hou.

49. (1) 'n Bevinding van die sertifiseringskomitee word, behalwe sover hierdie Wet anders bepaal, geag uitgespreek te gewees het—

Geldingsdatum van bevinding van sertifiseringskomitee.

- (a) waar dit heeltemal of gedeeltelik op 'n geneeskundige ondersoek of twee of meer geneeskundige ondersoeke van die betrokke persoon gegrond is, op die datum waarop daardie ondersoek of die eerste van daardie ondersoeke begin het;
- (b) waar dit heeltemal of gedeeltelik op 'n nadoodse ondersoek gegrond is, op die datum waarop die betrokke persoon oorlede is;
- (c) waar dit heeltemal of gedeeltelik gegrond is op 'n geneeskundige ondersoek of twee of meer geneeskundige ondersoeke van die betrokke persoon wat uitgevoer is of begin het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, op die datum waarop daardie ondersoek of die eerste van daardie ondersoeke begin het.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT 1973.

(2) Notwithstanding the repeal of the previous Act, a finding referred to in subsection (1) (c) shall be expressed in accordance with the provisions of the previous Act and shall be deemed to be a finding of the Miners' Certification Committee (within the meaning of the previous Act) expressed before the commencement of this Act.

Review of finding by reviewing authority.

50. (1) The reviewing authority may review any finding expressed by the certification committee if an application for such review is lodged with the reviewing authority by the person to whom the finding relates or by any other person acting on his behalf or any organization so acting, or, in the case of a deceased person, by the dependants of the deceased or by any person or organization acting on behalf of such dependants, within ninety days as from the date on which notice of the finding was given by the certification committee.

(2) The reviewing authority may on such review confirm the finding in question or request the chairman of the certification committee to submit the case for review to a joint meeting of that committee and the reviewing authority.

Joint meeting of certification committee and reviewing authority.

51. (1) The chairman of the certification committee shall, within fourteen days after the receipt of a request under section 50 (2), convene a joint meeting of the certification committee and the reviewing authority, at which the chairman of the certification committee shall preside, and every member of the certification committee or the reviewing authority present thereat shall have a vote on any matter relating to the finding under review.

(2) The Minister shall determine the quorum for a joint meeting of the certification committee and the reviewing authority and may make such rules as he deems necessary for the conduct of the business of such joint meeting.

Review by joint meeting.

52. (1) A joint meeting of the certification committee and the reviewing authority may confirm any finding under review by such meeting or rescind it and substitute for it such meeting's own finding.

(2) Where a finding is rescinded as aforesaid, the finding substituted for it by the joint meeting shall be deemed to be a finding of the certification committee and to have been expressed on the date on which the rescinded finding was expressed.

(3) The provisions of section 48 shall *mutatis mutandis* apply in respect of a finding substituted by such a joint meeting for a finding of the certification committee.

Finality of findings.

53. A finding expressed by a joint meeting of the certification committee and the reviewing authority and, subject to the provisions of sections 47 and 52, a finding expressed by the certification committee, shall be final and no court of law shall have jurisdiction to set aside or vary any such finding, except on the ground that the joint meeting or the certification committee has exceeded its powers or has acted in an irregular manner.

CHAPTER V.

COMMISSIONER, ADVISORY COMMITTEE AND COMPENSATION FUND.

Appointment of commissioner and staff.

54. The Minister shall appoint, subject to the laws governing the public service—

- (a) an officer to be styled the Compensation Commissioner for Occupational Diseases, who shall exercise the powers and perform the functions conferred upon or assigned to him by this Act or by the Minister under this Act;

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

(2) Ondanks die herroeping van die vorige Wet, word 'n bevinding in subartikel (1) (c) bedoel, uitgespreek ooreenkomstig die bepalings van die vorige Wet en word dit geag 'n bevinding van die Komitee vir die Sertifisering van Mynwerkers (binne die bedoeling van die vorige Wet) te wees wat voor die inwerking-treding van hierdie Wet uitgespreek is.

50. (1) Die hersieningsowerheid kan 'n bevinding deur die sertifiseringskomitee uitgespreek, hersien indien 'n aansoek om so 'n hersiening deur die persoon op wie die bevinding betrekking het of deur 'n ander persoon wat ten behoeve van hom optree of 'n organisasie wat aldus optree, of, in die geval van 'n oorlede persoon, deur die afhanklikes van die oorledene of deur 'n persoon of organisasie wat ten behoeve van dié afhanklikes optree, by die hersieningsowerheid ingedien word binne negentig dae vanaf die datum waarop kennis van die bevinding deur die sertifiseringskomitee gegee is.

Hersiening van bevinding deur hersienings-owerheid.

(2) Die hersieningsowerheid kan by so 'n hersiening die betrokke bevinding bekragtig of die voorsitter van die sertifiseringskomitee versoek om die geval vir hersiening aan 'n gesamentlike vergadering van dié komitee en die hersieningsowerheid voor te lê.

51. (1) Die voorsitter van die sertifiseringskomitee moet binne veertien dae na ontvangs van 'n versoek kragtens artikel 50 (2) 'n gesamentlike vergadering van die sertifiseringskomitee en die hersieningsowerheid belê, waarby die voorsitter van die sertifiseringskomitee voorsit, en elke aanwesige lid van die sertifiseringskomitee of die hersieningsowerheid het 'n stem in verband met enige aangeleentheid met betrekking tot die bevinding wat hersien word.

Gesamentlike vergadering van sertifiseringskomitee en hersienings-owerheid.

(2) Die Minister bepaal 'n kworum vir 'n gesamentlike vergadering van die sertifiseringskomitee en die hersieningsowerheid, en kan die reëls neerlê wat hy nodig ag vir die beheer van die verrigtings van so 'n gesamentlike vergadering.

52. (1) 'n Gesamentlike vergadering van die sertifiseringskomitee en die hersieningsowerheid kan 'n bevinding wat deur dié vergadering hersien word, bekragtig of dit tersyde stel en dié vergadering se eie bevinding in die plek daarvan stel.

Hersiening deur gesamentlike vergadering.

(2) Waar 'n bevinding tersyde gestel word soos voormeld, word die bevinding wat die gesamentlike vergadering in die plek daarvan stel, geag 'n bevinding van die sertifiseringskomitee te wees en uitgespreek te gewees het op die datum waarop die tersydegestelde bevinding uitgespreek is.

(3) Die bepalings van artikel 48 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n bevinding wat deur so 'n gesamentlike vergadering in die plek van 'n bevinding van die sertifiseringskomitee gestel is.

53. 'n Bevinding uitgespreek deur 'n gesamentlike vergadering van die sertifiseringskomitee en die hersieningsowerheid en, behoudens die bepalings van artikels 47 en 52, 'n bevinding uitgespreek deur die sertifiseringskomitee, is afdoende, en geen gereghof is bevoeg om so 'n bevinding tersyde te stel of te wysig nie, behalwe op grond daarvan dat die gesamentlike vergadering of die sertifiseringskomitee sy bevoegdhede te buite gegaan het of op onreëlmatige wyse opgetree het.

Finaliteit van bevindings.

HOOFSTUK V.

KOMMISSARIS, ADVIESKOMITEE EN VERGOEDINGSFONDS.

54. Die Minister stel, met inagneming van die wette op die Staatsdiens—

Aanstelling van kommissaris en personeel.

(a) 'n beampte aan wat die Vergoedingskommissaris vir Bedryfsiektes heet en wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede verrig wat by hierdie Wet of deur die Minister kragtens hierdie Wet aan hom verleen of opgedra word;

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

- (b) an officer, to be styled the Deputy Compensation Commissioner for Occupational Diseases, to act in the place of the commissioner whenever there is no commissioner or the commissioner is absent or is for any other reason unable to perform his functions;
- (c) such other officers and persons as he may consider necessary, to assist the commissioner in the performance of the functions which in terms of this Act are required to be performed by him.

Powers of commissioner to enter upon premises and obtain information.

55. (1) The commissioner shall for the purpose of performing his functions have the same powers as those conferred on the director by sections 5 (3) and 6, and the provisions of those sections relating to the exercise of such powers by the director shall *mutatis mutandis* and subject to the provisions of subsection (2) of this section apply with reference to the exercise of such powers by the commissioner.

(2) (a) Notwithstanding anything contained in section 6 (4) or any law relating to income tax, the Secretary for Inland Revenue shall convey to the commissioner at his request any information required by the commissioner in connection with the application of any provision of this Act.

(b) The commissioner shall, except in the performance of his duties under this Act, preserve secrecy in regard to any information conveyed to him under paragraph (a).

Commissioner may delegate powers.

56. The commissioner may in writing delegate to the deputy commissioner or any other officer on his staff or, with the approval of the Minister, to any other person in the service of the State, any power conferred upon the commissioner by this Act, and may at any time vary or withdraw any such delegation.

Finality of decisions of commissioner.

57. No court of law shall have jurisdiction to set aside or vary a decision of the commissioner in the exercise of any power conferred upon him by this Act, except on the ground that the commissioner has exceeded his powers or has acted in an irregular manner.

Supreme Court rulings.

58. (1) The commissioner may with the consent of the Minister state a special case for the ruling of the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of the Republic of South Africa on any question of law which has arisen in connection with any matter in which the commissioner has given or is required to give a decision under this Act.

(2) Any person who has an interest in the decision in question, may appear in person or be represented by counsel at the hearing of any such case.

(3) Where any such ruling has been given, the commissioner shall in any future instance act in conformity with that ruling, and if the ruling is in conflict with any decision already given by the commissioner, such decision shall be modified so as to bring it into conformity with the ruling: Provided that any person affected by such ruling, and (with the consent of the Minister) the commissioner, may without obtaining leave to do so, appeal against such ruling to the Appellate Division.

(4) When a provincial or local division of the Supreme Court of the Republic of South Africa has given a decision or ruling which affects the administration of this Act, the Minister may submit that decision or ruling to the Appellate Division in order that it may determine the said question for the guidance of all courts.

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

- (b) 'n beampte aan, wat die Adjunk-vergoedingskommissaris vir Bedryfsiektes heet, om in die plek van die kommissaris op te tree wanneer daar nie 'n kommissaris is nie of die kommissaris afwesig is of om 'n ander rede nie in staat is om sy werksaamhede te verrig nie; die ander beamptes en persone aan wat hy nodig ag, om die kommissaris behulpsaam te wees met die verrigting van die werksaamhede wat ingevolge hierdie Wet deur hom verrig moet word.

55. (1) Die kommissaris het vir die doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede dieselfde bevoegdhede as dié wat by artikels 5 (3) en 6 aan die direkteur verleen word, en die bepalings van daardie artikels met betrekking tot die uitoefening van bedoelde bevoegdhede deur die direkteur, is *mutatis mutandis* en behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel van toepassing met betrekking tot dié uitoefening van dié bevoegdhede deur die kommissaris.

Bevoegdhede van kommissaris om plekke te betree en inligting te verkry.

(2) (a) Ondanks die bepalings van artikel 6 (4) of van enige wet op inkomstebelasting, moet die Sekretaris van Binnelandse Inkomste aan die kommissaris op sy versoek inligting meedeel wat die kommissaris in verband met die toepassing van 'n bepaling van hierdie Wet verlang.

- (b) Die kommissaris moet, behalwe by die verrigting van sy pligte ingevolge hierdie Wet, geheimhouding bewaar in verband met inligting wat ingevolge paragraaf (a) aan hom meegedeel is.

56. Die kommissaris kan 'n bevoegdheid wat hierdie Wet aan hom verleen, skriftelik delegeer aan die adjunk-kommissaris of 'n ander beampte in sy personeel of, met die goedkeuring van die Minister, aan 'n ander persoon in die diens van die Staat, en kan so 'n delegering te eniger tyd wysig of intrek.

Kommissaris kan bevoegdhede delegeer.

57. Geen geregshof is bevoeg om 'n beslissing van die kommissaris by die uitoefening van 'n bevoegdheid deur hierdie Wet aan hom verleen, tersyde te stel of te wysig nie, behalwe op grond daarvan dat die kommissaris sy bevoegdhede te buite gegaan of op 'n onreëlmatige wyse opgetree het.

Finaliteit van kommissaris se beslissings.

58. (1) Die kommissaris kan met die toestemming van die Minister 'n spesiale saak aan die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika vir sy uitspraak voorlê oor 'n regspraak wat ontstaan het in verband met 'n aangeleentheid waaromtrent die kommissaris ingevolge hierdie Wet 'n beslissing gegee het of moet gee.

Uitspraak deur Hooggeregshof.

(2) Iemand wat by die betrokke beslissing belang het, kan by die verhoor van so 'n saak persoonlik verskyn of deur 'n advokaat verteenwoordig word.

(3) Waar so 'n uitspraak gegee is, moet die kommissaris by 'n toekomstige geval in ooreenstemming met daardie uitspraak handel, en indien die uitspraak in stryd is met 'n beslissing wat reeds deur die kommissaris gegee is, moet daardie beslissing gewysig word om dit met die uitspraak in ooreenstemming te bring: Met dien verstande dat iemand wat deur so 'n uitspraak geraak word en (met die Minister se toestemming) die kommissaris teen so 'n uitspraak by die Appèlafdeling appèl kan aanteken sonder om verlof daartoe te verkry.

(4) Wanneer 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika 'n beslissing of 'n uitspraak gegee het wat die uitvoering van hierdie Wet raak, kan die Minister daardie beslissing of uitspraak aan die Appèlafdeling voorlê sodat hy die vraag tot leiding van alle howe kan beslis.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

Establishment and constitution of advisory committee.

59. (1) There shall be established an advisory committee which shall perform the functions assigned to it by or under this Act and such other functions as may from time to time be assigned to it by the Minister.

(2) The advisory committee shall consist of the commissioner and four other members to be appointed by the Minister, of whom, subject to the provisions of subsection (3)—

(a) two shall be persons whose names have been submitted to the Minister in terms of that subsection by the owners of controlled mines and controlled works or by an organization or organizations qualified, in the opinion of the Minister, to act on behalf of such owners; and

(b) two shall be persons whose names have been so submitted by an organization or organizations qualified, in the opinion of the Minister, to act on behalf of persons who perform risk work at controlled mines or controlled works.

(3) (a) When the members contemplated in paragraph (a) or (b) of subsection (2) are to be appointed, the Minister shall cause a written communication to be sent to the owners or the organization or organizations referred to in the said paragraph (a), or, as the case may be, to the organization or organizations referred to in the said paragraph (b), containing a request for the submission to him, for the purposes of the paragraph in question and within a period stated in the communication not being less than forty-five days, of the names of not less than three persons.

(b) If such request is not complied with, the Minister may appoint any person as a member of the advisory committee in the place of a member contemplated in the paragraph in question.

(4) The commissioner shall *ex officio* be the chairman of the advisory committee.

(5) The Minister may appoint in respect of any member of the advisory committee who has been appointed by him, an alternate or so many alternates as he may consider necessary, in the same manner as that in which the member concerned has been appointed.

(6) A member of the advisory committee, and an alternate to such a member, who is not in the full-time service of the State, shall be appointed at such remuneration and on such other conditions of service and for such period not exceeding five years, as the Minister may determine in consultation with the Minister of Finance.

Consultation by commissioner.

60. (1) The commissioner may at his discretion consult the advisory committee and, with the approval of the Minister, any other person or organization on any matter which he is required to deal with, consider or decide in the exercise of his functions under this Act.

(2) Where consultation by the commissioner under subsection (1) involves the payment of remuneration to any person or organization, such remuneration shall be paid from moneys appropriated by Parliament for that purpose, on a scale determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

Establishment and management of compensation fund.

61. (1) There is hereby established a fund to be called the Mines and Works Compensation Fund.

(2) The compensation fund shall subject to the provisions of this Act be controlled and managed by the commissioner.

(3) There shall be transferred to the compensation fund—

(a) all assets and moneys which immediately before the commencement of this Act were the property or stood to the credit of the General Council for Pneumoconiosis Compensation, or the Pneumoconiosis Compensation Fund, which existed under the previous Act; and

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

59. (1) Daar word 'n advieskomitee ingestel wat die werksaamhede wat by of kragtens hierdie Wet aan hom opgedra word of die ander werksaamhede wat van tyd tot tyd deur die Minister aan hom opgedra word, verrig. Instelling en samestelling van advieskomitee.

(2) Die advieskomitee bestaan uit die kommissaris en vier ander lede wat die Minister aanstel en van wie, behoudens die bepalings van subartikel (3)—

(a) twee persone moet wees wie se name ingevolge daardie subartikel aan die Minister voorgelê is deur die eienaars van beheerde myne en beheerde bedrywe of deur 'n organisasie of organisasies wat volgens die Minister se oordeel bevoeg is om ten behoeve van sodanige eienaars op te tree; en

(b) twee persone moet wees wie se name aldus voorgelê is deur 'n organisasie of organisasies wat volgens die Minister se oordeel bevoeg is om ten behoeve van persone op te tree wat risikowerk by beheerde myne of beheerde bedrywe verrig.

(3) (a) Wanneer die lede in paragraaf (a) of (b) van subartikel (2) beoog, aangestel moet word, moet die Minister aan die eienaars of die organisasie of organisasies in genoemde paragraaf (a) bedoel, of, na gelang van die geval, aan die organisasie of organisasies in genoemde paragraaf (b) bedoel, 'n skriftelike mededeling laat stuur waarin versoek word dat die name van minstens drie persone vir die doeleindes van die betrokke paragraaf aan hom voorgelê word binne 'n in die mededeling vermelde tydperk wat nie minder as vyf-en-veertig dae is nie.

(b) Indien daar nie aan sodanige versoek voldoen word nie, kan die Minister enige persoon as 'n lid van die advieskomitee aanstel in die plek van 'n lid in die betrokke paragraaf beoog.

(4) Die kommissaris is ampshalwe die voorsitter van die advieskomitee.

(5) Die Minister kan ten opsigte van enige lid van die advieskomitee wat deur hom aangestel is, 'n plaasvervanger of soveel plaasvervangers as wat hy nodig ag, aanstel op dieselfde wyse as dié waarop die betrokke lid aangestel is.

(6) 'n Lid van die advieskomitee, en 'n plaasvervanger van so 'n lid, wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, word aangestel teen die besoldiging en op die ander diensvoorwaardes en vir die tydperk van hoogstens vyf jaar, wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

60. (1) Die kommissaris kan na goeddunke die advieskomitee en, met goedkeuring van die Minister, 'n ander persoon of organisasie raadpleeg in verband met 'n aangeleentheid wat hy by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet moet hanteer, oorweeg of beslis. Kommissaris kan advies inwin.

(2) Waar raadpleging deur die kommissaris ingevolge subartikel (1) die betaling van besoldiging aan 'n persoon of organisasie meebring, word die besoldiging uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, betaal teen 'n tarief deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies vasgestel.

61. (1) Daar word hierby 'n fonds ingestel wat die Vergoedingsfonds vir Myne en Bedrywe heet. Instelling en bestuur van vergoedingsfonds.

(2) Die vergoedingsfonds word behoudens die bepalings van hierdie Wet deur die kommissaris beheer en bestuur.

(3) Daar word aan die vergoedingsfonds oorgedra—

(a) alle bates en gelde wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet die eiendom was of in krediet gestaan het van die Algemene Raad vir Pneumokoniosevergoeding, of die Pneumokoniosevergoedingsfonds, wat ingevolge die bepalings van die vorige Wet bestaan het; en

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

(b) all liabilities which immediately before such commencement were liabilities of the said council.

(4) The commissioner shall receive all moneys payable to or for the benefit of the compensation fund in terms of this Act and shall credit to the compensation fund, in accordance with the provisions of this Act, all such moneys and all moneys which in terms of this Act are to be paid to and are received by the commissioner.

(5) The commissioner shall deposit the moneys of the compensation fund in a bank approved by the Minister for that purpose, and no money so deposited shall be paid out by the commissioner otherwise than by means of an order signed by two persons approved by the secretary in consultation with the Secretary to the Treasury, directing payment on behalf of the commissioner.

Amounts payable
by owner of
controlled mine or
works.

62. (1) The commissioner shall determine in respect of each controlled mine or controlled works, in such manner as he deems fit after consultation with an actuary designated by the Minister, and on the basis of the risk of the mine or works in question as determined under section 20 or 21, an amount payable by the owner of that mine or works to the commissioner, for the benefit of the compensation fund, in respect of each shift worked by any person at or in connection with that mine or works during which such person performed risk work, in order to enable the commissioner to pay to or in respect of every person who performs risk work at or in connection with that mine or works and who is after the commencement of this Act found to be suffering from a compensatable disease, such amounts as may be or are likely to become payable under this Act.

(2) The commissioner may determine different amounts in respect of—

- (a) controlled mines and controlled works;
- (b) different categories, groups or classes of controlled mines or controlled works;
- (c) different categories, groups or classes of persons;
- (d) different trades, occupations or work at or in connection with controlled mines or controlled works;
- (e) different sections of controlled mines or controlled works, or different working places at controlled mines or controlled works;
- (f) different compensatable diseases.

(3) Whenever the commissioner has made a determination under subsection (1), he shall in writing notify the owner of the mine or works in question thereof, and in such notice the commissioner shall set out such details and information as he may consider adequate for the purpose of explaining the determination, and specify the date as from which the determination takes effect.

(4) The owner of a controlled mine or a controlled works shall pay to the commissioner, not later than the twentieth day of each month, the amounts which, by virtue of a determination under subsection (1), such owner owes in respect of persons who performed risk work at or in connection with his mine or works in the preceding month, and when any such payment is made the owner concerned shall furnish full details of the composition of the amount of his payment and, in the prescribed form, such other details as may be required by the commissioner: Provided that the commissioner may, on application by an owner of a controlled mine or a controlled works, authorize the owner concerned to pay any amounts which are due by that owner at longer intervals but not exceeding three-monthly intervals.

(5) When the commissioner has under subsection (1) determined the amount which the owner of a controlled mine or a controlled works is to pay as contemplated in this section, the commissioner may, of his own motion or on application by that

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

(b) alle laste wat onmiddellik voor bedoelde inwerking-treding laste van die genoemde raad was.

(4) Die kommissaris ontvang alle gelde wat ingevolge hierdie Wet aan of ten behoeve van die vergoedingsfonds betaalbaar is en krediteer die vergoedingsfonds volgens voorskrif van hierdie Wet met bedoelde gelde en met alle gelde wat ingevolge hierdie Wet aan die kommissaris betaal moet word en deur hom ontvang word.

(5) Die kommissaris moet die gelde van die vergoedingsfonds in 'n bank stort wat deur die Minister vir dié doel goedgekeur is, en betaal geen geld wat aldus gestort is uit nie behalwe deur middel van 'n order wat onderteken is deur twee persone deur die sekretaris in oorleg met die Sekretaris van die Tesourie goedgekeur, en waarby betaling namens die kommissaris gelas word.

62. (1) Die kommissaris bepaal ten opsigte van elke beheerde myn of beheerde bedryf, op die wyse wat hy goevind na raadpleging met 'n aktuaris deur die Minister aangewys, en op grondslag van die risiko van die betrokke myn soos ingevolge artikel 20 of 21 bepaal, 'n bedrag wat die eienaar van daardie myn of bedryf aan die kommissaris ten bate van die vergoedingsfonds moet betaal ten opsigte van elke skof deur 'n persoon by of in verband met daardie myn of bedryf gewerk waartydens bedoelde persoon risikowerk verrig het, ten einde die kommissaris in staat te stel om aan of ten opsigte van elke persoon wat risikowerk by of in verband met daardie myn of bedryf verrig en ten opsigte van wie daar na die inwerkingtreding van hierdie Wet bevind word dat hy aan 'n vergoedbare siekte ly, die bedrae te betaal wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is of waarskynlik betaalbaar sal word.

Bedrae betaalbaar deur eienaar van beheerde myn of bedryf.

(2) Die kommissaris kan verskillende bedrae bepaal ten opsigte van—

- (a) beheerde myne en beheerde bedrywe;
- (b) verskillende kategorieë, groepe of klasse van beheerde myne of beheerde bedrywe;
- (c) verskillende kategorieë, groepe of klasse van persone;
- (d) verskillende ambagte, beroepe of werk by of in verband met beheerde myne of beheerde bedrywe;
- (e) verskillende gedeeltes van beheerde myne of beheerde bedrywe of verskillende werkplekke by beheerde myne of beheerde bedrywe;
- (f) verskillende vergoedbare siektes.

(3) Wanneer die kommissaris 'n bepaling ingevolge subartikel (1) gedoen het, stel hy die eienaar van die betrokke myn of bedryf skriftelik daarvan in kennis en in so 'n kennisgewing moet die kommissaris die besonderhede en inligting uiteensit wat hy voldoende ag om die bepaling te verduidelik, en die datum vermeld met ingang waarvan die bepaling van krag word.

(4) Die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf moet nie later nie as die twintigste dag van elke maand aan die kommissaris die bedrae betaal wat daardie eienaar uit hoofde van 'n bepaling kragtens subartikel (1) verskuldig is ten opsigte van persone wat risikowerk by of in verband met sy myn of bedryf in die voorafgaande maand verrig het, en wanneer so 'n betaling gedoen word, moet die betrokke eienaar volledige besonderhede oor die samestelling van die bedrag van sy betaling en, in die voorgeskrewe vorm, die ander besonderhede wat die kommissaris verlang, verstrek: Met dien verstande dat die kommissaris, op aansoek deur die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf, die betrokke eienaar kan magtig om die bedrae wat daardie eienaar verskuldig is met langer tussenpose, maar hoogstens drie-maandeliks, te betaal.

(5) Wanneer die kommissaris ingevolge subartikel (1) die bedrag bepaal het wat die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf moet betaal soos in hierdie artikel beoog, kan die kommissaris uit eie beweging, of op aansoek deur daardie eienaar, en moet die kommissaris wanneer die risiko van die

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

owner, and the commissioner shall when the risk of the mine or works in question has been altered by the risk committee under section 21, review and, if he deems it necessary, alter the amount so determined, and if the commissioner has altered such amount he shall forthwith in writing notify the owner concerned.

Amounts payable by owner of controlled mine or works for research.

63. (1) The owner of a controlled mine or a controlled works shall pay to the commissioner for the benefit of the compensation fund, in respect of each shift worked by a person at or in connection with the mine or works in question during which such person performed risk work, such amount for purposes of research contemplated in section 120 as the Minister may determine.

(2) The amount so determined shall not exceed—

- (a) in the case of a White person, one cent per shift; and
- (b) in the case of any person other than a White person, one-half cent per shift.

(3) The provisions of subsection (2) of section 62 shall *mutatis mutandis* apply in connection with the determination of an amount by the Minister under subsection (1) of this section, and the provisions of subsections (3) and (4) of the first-mentioned section shall *mutatis mutandis* apply with reference to any amount so determined.

Interest on amount in arrear.

64. An owner of a controlled mine or a controlled works shall pay interest to the commissioner, at a rate determined by the commissioner and approved by the Minister, on any amount due to the commissioner under the provisions of section 62 or 63 which was not paid on the day on which it became payable, and such interest shall be calculated from the said day to the day preceding the day on which the amount in question is paid.

Penalty for failure to pay amount due.

65. (1) The commissioner may impose on an owner of a controlled mine or a controlled works who fails to pay any amount which he is required to pay to the commissioner under section 62 or 63 in respect of any shift during which any person performed risk work at or in connection with such mine or works, a penalty not exceeding ten rand for each such shift in respect of which the amount has not been paid.

(2) The commissioner shall credit any penalty recovered under subsection (1) to the Mines Account or the Works Account or the Research Account, as the case may be, and the provisions of section 64 shall *mutatis mutandis* apply with reference to any such penalty.

Recovery of amount due.

66. Whenever any amount is due to the commissioner under any provision of this Act by an owner of a mine or works, the commissioner may take such steps as he deems fit or as the Minister has directed him to take to recover the amount due, and any such amount may be recovered together with interest thereon from the due date at a rate determined by the commissioner and approved by the Minister, and any costs incurred in connection with such recovery.

Commissioner to keep certain separate accounts.

67. The commissioner shall maintain separate accounts for the purposes of the compensation fund, to be called the State Account, the Mines Account, the Works Account and the Research Account, respectively, to which shall be credited the amounts and to which shall be debited the payments provided for in the applicable provisions of this Act.

Commissioner to make certain adjustment between accounts.

68. (1) As soon as practicable after the commencement of this Act, the commissioner shall, in consultation with an actuary approved by the Minister for that purpose, determine the amounts which would have been payable, had the previous Act not been repealed, respectively out of the A-account and

WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973. Wet No. 78, 1973.

betrokke myn of bedryf ingevolge artikel 21 deur die risiko-kommittee gewysig is, die bedrag aldus bepaal hersien en, indien hy dit nodig ag, wysig, en waar die kommissaris die bedrag gewysig het, stel hy onverwyld die betrokke eienaar skriftelik daarvan in kennis.

63. (1) Die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf moet ten opsigte van elke skof deur 'n persoon by of in verband met die betrokke myn of bedryf gewerk waartydens daardie persoon risikowerk verrig het, aan die kommissaris ten bate van die vergoedingsfonds die bedrag vir die doeleindes van navorsing soos in artikel 120 bedoel, betaal wat die Minister bepaal.

Bedrae deur eienaar van beheerde myn of bedryf vir navorsing betaalbaar.

(2) Die aldus bepaalde bedrag oorskry nie—

(a) in die geval van 'n Blankepersoon een sent per skof nie; en

(b) in die geval van 'n ander persoon as 'n Blankepersoon, 'n halwe sent per skof nie.

(3) Die bepaling van subartikel (2) van artikel 62 is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met die bepaling van 'n bedrag deur die Minister ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel, en die bepaling van subartikels (3) en (4) van eersgenoemde artikel is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n aldus bepaalde bedrag.

64. 'n Eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf moet aan die kommissaris rente betaal, teen 'n koers wat die kommissaris bepaal en die Minister goedgekeur het, op 'n bedrag verskuldig aan die kommissaris ingevolge die bepaling van artikel 62 of 63 wat nie op die dag waarop dit betaalbaar geword het, betaal is nie, en bedoelde rente word bereken vanaf die genoemde dag tot die dag voorafgaande aan die dag waarop die betrokke bedrag betaal word.

Rente op agterstallige bedrag.

65. (1) Die kommissaris kan die eienaar van 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf wat versuim om 'n bedrag te betaal wat hy ingevolge artikel 62 of 63 verplig is om aan die kommissaris te betaal ten opsigte van 'n skof waartydens 'n persoon risikowerk by of in verband met daardie myn of bedryf verrig het, 'n boete opleë wat nie tien rand oorskry vir elke sodanige skof waarvoor die bedrag nie betaal is nie.

Boete vir versuim om verskuldigde bedrag te betaal.

(2) Die kommissaris moet 'n boete kragtens subartikel (1) gevorder, aan die Mynrekening of die Bedrywerekening of die Navorsingsrekening, na gelang van die geval, krediteer, en die bepaling van artikel 64 is *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n boete van toepassing.

66. Wanneer ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet 'n bedrag deur die eienaar van 'n myn of bedryf aan die kommissaris verskuldig is, kan die kommissaris die stappe doen wat hy goeuvind of wat die Minister hom gelas het om te doen om die verskuldigde bedrag te verhaal, en so 'n bedrag kan verhaal word tesame met rente daarop vanaf die vervaldatum teen 'n koers wat die kommissaris bepaal en die Minister goedgekeur het, en koste wat in verband met sodanige verhaal aangegaan is.

Verhaal van verskuldigde bedrag.

67. Die kommissaris moet afsonderlike rekenings vir die doeleindes van die vergoedingsfonds hou, wat onderskeidelik die Staatsrekening, die Mynrekening, die Bedrywerekening en die Navorsingsrekening heet en wat gekrediteer word met die bedrae en gedebiteer word met die betalings waarvoor daar in die toepaslike bepaling van hierdie Wet voorsiening gemaak word.

Kommissaris moet sekere afsonderlike rekenings hou.

68. (1) So gou doenlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die kommissaris, na raadpleging met 'n aktuaris wat die Minister vir dié doel goedgekeur het, die bedrae bepaal wat onderskeidelik uit die A-rekening en die B-rekening wat ingevolge die vorige Wet ingestel was, betaalbaar sou gewees het indien die vorige Wet nie herroep was nie, ten opsigte van elke

Kommissaris moet sekere aanpassing tussen rekenings doen.

Act No. 78, 1973. OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973.

B-account which were established under the previous Act, in respect of every person who was found for the first time before the commencement of this Act to be suffering from pneumoconiosis or tuberculosis.

(2) The commissioner shall credit the Mines Account and debit the State Account with the difference between the amounts which, immediately before the commencement of this Act, stood to the credit of the accounts referred to in subsection (1) and the amounts determined by him under that subsection.

State Account.

